# vir die LIEFDE van die LAND

JAARVERSLAG 2017

# GEOGRAFIESE TEENWOORDIGHEID

## VKB-GEBIED

| | |
|---|---|
| Handelstakke | 22 |
| Meganisasietakke | 6 |
| Graansilo's | 13 |
| Bandediens | 1 |
| Mieliemeule | 1 |
| Koringmeule | 1 |
| Versekering | 9 |
| Distribusiesentrum | 1 |
| Saadverwerking | 1 |
| Braaikuiken-abattoir | 1 |
| Veevoerfabriek | 1 |
| Oliepers | 1 |
| Bakkerye | 2 |
| Verpakkingsaanleg | 1 |

Hoofkantoor: Reitz

## NTK-GEBIED


| | |
|---|---|
| Handelstakke | 27 |
| Handelsdepots | 7 |
| Meganisasietakke | 4 |
| Graansilo's | 8 |
| Meeldepots | 26 |
| Mieliemeulens | 3 |
| Versekering | 3 |
| Verpakkingsaanleg | 1 |
| Distribusiesentrums | 2 |
| Koelkamer | 1 |
| Bakkery | 1 |

Kantoor: Nylstroom (Modimolle)




LIMPOPO
Musina
Alldays
Tom Burke
Tolwe
Vivo
Thohoyandou
Louis Trichardt
Bochum
Baltimore
Dendron
Lephalale/Ellisras
Marken
Polokwane/Pietersburg
Tzaneen
Letsitele
Mokopane/Potgietersrus
Vaalwater
Trichardtsdal
Modimolle/
Nylstroom
Mookgophong/Naboomspruit
Roedtan
Nutfield
Bela-Bela/Warmbad
Thabazimbi
Lehau
Settlers
Pienaarsrivier
Nelspruit
Ga-Rankuwa
ntk
GAUTENG
MPUMALANGA
Oranjeville
Jim Fouché
Villiers
Morgenzon
Windfield
Cornelia
Heilbron
Frankfort
Ascent
VRYSTAAT
Tweeling
Vrede
Petrus Steyn
Woudzicht
Memel
Lindley
Warden
Hennenman
Daniëlsrus
Reitz
Verkykerskop
Bethlehem
Senekal
Harrismith
Kestell
Phuthaditjhaba/
Qwaqwa
vkb
Durban
OOS-KAAP

# GROEPSTRUKTUUR EN STRATEGIESE VISIE




Landbou was die oorspronklike rede waarom die besigheid bykans 'n eeu gelede gestig is. Dit bly vandag nog die kernrede vir die VKB Groep se voortbestaan. Die maatskappy se sekondêre doel is steeds om waarde toe te voeg tot die landbouprodukte wat in sy gebied geproduseer word, sodat 'n groter deel van die besteebare inkomste van die verbruiker die landbouprodusent kan toeval.

Hierdie strategiese visie bly die maatstaf waaraan alle aktiwiteite gemeet word en waarvolgens strategiese investerings gedoen word.

Hierdie visie het beslag gekry met die strukturering van die Groep in 'n houermaatskappy, VKB Beleggings (Edms.) Bpk., met twee vertakkings, naamlik VKB Landbou (Edms.) Bpk., waarin al die landbou-aktiwiteite saamgegroepeer is, en VKB Agri Processors (Pty) Ltd, wat dien as houermaatskappy vir al die nywerhede.

Die Landbou-been fokus op die voorsiening van landbou-insette, verskaffing van dienste en finansiering aan die produsente, en is gegroepeer in twee divisies wat onder verskillende handelsname opereer, naamlik

- VKB Landbou (Edms.) Bpk. - Vrystaat-divisie; en
- VKB Landbou (Edms.) Bpk. - Limpopo-divisie.

Die koöperatiewe kultuur waardeur die onderneming homself in die verlede gedifferensieer het van ander landboubesighede sal steeds in die Landbou-been voortleef.

In die ander been is die nywerhede saamgegroepeer en dit word op 'n meer korporatiewe basis bestuur om geleenthede binne die landbouwaardeketting te benut tot voordeel van die aandeelhouers. Die langtermynvisie is om in hierdie been waarde te ontsluit op 'n meer korporatiewe basis, soos die betaal van 'n markverwante dividend en die groei van die aandele se waarde.

# INHOUDSOPGAWE


Geografiese teenwoordigheid 1

Groepstruktuur en strategiese visie 2

Landbouwaardeketting-betrokkenheid 4

Vyfjaaroorsig van Groep 6

Finansiële hoogtepunte 8

Raad van Direkteure 10

Voorsittersverslag 12

Bestuursoorsig 15

VKB Uitvoerende Bestuur 19

Landbouverslag 20

Nywerhedeverslag 23

Korporatiewe Beheerverslag 26

Sosiale en Etiekkomiteeverslag 29

Oudit- en Risikokomiteeverslag 32

Direkteure se verantwoordelikhede en goedkeuring 33

Direkteure se verslag 34

Gekonsolideerde staat van finansiële posisie 36

Gekonsolideerde staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste 38

Gekonsolideerde staat van kontantvloei 40

Korporatiewe inligting 41




# LANDBOUWAARDEKETTING-BETROKKENHEID

VKB is 'n Suid-Afrikaanse landbou-onderneming met 'n unieke visie, wat op samewerking met belanghebbendes gegrond is. Dit het gaandeweg in die dinamiese mobilisering van 'n uiteenlopende verskeidenheid van interaksies in die landbouwaardeketting ontwikkel.

## PRIMÊRE LANDBOU

### 1 INSETHANDEL

'n Omvattende reeks primêre insette wat insluit saad, kunsmis, verpakkingsmateriaal en brandstof wat aan produsente beskikbaar gestel word. Hierdie reeks is gaandeweg uitgebrei om ook veevoer, staal, besproeiing, boumateriaal en algemene benodighede in te sluit.

### 2 MEGANISASIE

VKB bestuur die Case-agentskap in sy bedieningsgebiede en meer as R17 miljoen se onderdele is by die 10 verkooppunte beskikbaar.

### 3 LANDBOU-ONTWIKKELING

VKB lewer 'n volledige agronomiese adviesdiens aan produsente, wat op die volgende boerderybestuursaspekte fokus: finansiële bestuur, lewende hawe-bestuur, gewasbestuur en administrasie van arbeid. Daarbenewens bestuur VKB 'n uitgebreide ontwikkelingsprogram vir opkomende boere.

### 4 GRAAN

Graan behels die volgende: graanhantering, graanopberging en graanbemarking.

### 5 WAARDETOEVOEGING (NYWERHEDE)

Waardetoevoeging behels die volgende: braaikuikens, 'n oliepers, mieliemeulens, 'n koringmeule, veevoere, saadverwerking en verpakkingsmateriaal.

### 6 LOGISTIEK

Die VKB Groep beskik oor 'n uitgebreide vloot voertuie wat optimaal binne die Groep aangewend word om sinergieë tussen die departemente en filiale te benut en sodoende koste te bespaar.

### 7 FINANSIERING EN VERSEKERING

Die VKB Groep bied 'n verskeidenheid finansieringsprodukte wat deel is van die Groep se kern strategiese funksie om produsente in staat te stel om hul produksie-insette te bekom ten einde winsgewend en volhoubaar te kan produseer. VKB beskik oor sy eie versekeringsagentskap wat, onder andere, oesversekering, bateversekering en multirisikoversekering aan produsente en die algemene publiek bied.

### 8 KOMMERSIËLE DIENSTE (KLEINHANDEL)

VKB se kleinhandelsafsetpunte huisves 'n uiteenlopende reeks produkte wat in die behoeftes van produsente en die algemene publiek voorsien. Die 56 kleinhandelsafsetpunte bestuur ongeveer 30 000 lynitems, wat deurentyd vir relevansie en ontwikkeling hersien word.

## GRAANHANTERING

VKB hanteer mielies, sojabone, koring, sonneblom en graansorghum.

## GRAANOPBERGING

21 strategies geleë silokomplekse in VKB se bedieningsgebiede (met 'n totale silo-opbergingskapasiteit van meer as een miljoen ton) voldoen aan voedselveiligheidsvereistes en is Safex-geregistreer.

## GRAANBEMARKING

Die hantering, opberging en versending, sowel as die verhandeling van graan, bly steeds van die kern waardetoevoegende dienste wat VKB aan graanprodusente en -afnemers bied.

# GRAANWAARDEKETTING

## OLIEPERS

Sojaboonproduksie in die VKB-gebied het die afgelope paar jaar wesenlik toegeneem. VKB het die diversifikasie-geleentheid aangegryp deur die oprigting van 'n oliepers, Free State Oil (Pty) Ltd. Die pers het 'n kapasiteit van 150 000 ton per jaar.

## MIELIEMEULENS

Die meulens in Frankfort, Louis Trichardt, Mokopane en Venda, wat op beide groot- en kleinhandel fokus, is strategies geleë om koste-effektiewe verspreiding van mieliemeel aan afsetpunte in die onderskeie bedieningsgebiede te verseker.

## KORINGMEULE

VKB besit 'n 70%-belang in VKB Flour Mills (Pty) Ltd, 'n koringmeule op Frankfort. Die meule het 'n kapasiteit van 12 000 ton per maand. Nagenoeg 2,5 miljoen brode word per maand deur die bakkerye in Frankfort, Durban en Ga-Rankuwa gebak.

# WAARDE-TOEVOEGING

## VERPAKKINGSMATERIAAL

Crown Bag (Pty) Ltd produseer meer as ses miljoen aartappel- en houtskoolsakke per maand. VKB het voorts 'n beherende belang verkry in Farmpack (Pty) Ltd, 'n verpakkingsaanleg naby Nelspruit. Hier word 'n wye reeks gedrukte sowel as ongedrukte kartondose vervaardig.

## BRAAIKUIKENS

Die kapasiteit van die braaikuikenabattoir is 785 000 braaikuikens per week en word voorsien deur kontrakgroeiers wat aandeelhouers van VKB is. Voer vir die braaikuikens word verskaf deur VKB se veevoerfabriek en in die proses word 'n aansienlike hoeveelheid plaaslik geproduseerde mielies verbruik.

## VEEVOERE

VKB se veevoerfabriek op Vrede het 'n maandelikse produksiekapasiteit van sowat 15 000 ton en voorsien hoofsaaklik pluimveevoer aan die kontrakgroeiers van Grain Field Chickens (Pty) Ltd. VKB besit ook 'n 50%-belang in Nu-Pro Voere (Edms.) Bpk. en verskaf dus 'n wye reeks veevoere aan produsente en in die algemene handel.

## SAADVERWERKING

Die VKB-saadverwerkingsaanleg op Reitz huisves 'n moderne laboratorium en bestuur die tegniese, wetenskaplike en regulatoriese aspekte wat met die vermeerdering, verwerking en verpakking van saad gepaardgaan.

# VYFJAAROORSIG VAN GROEP

| | 2013<br>12 mde<br>R'm | 2014<br>12 mde<br>R'm | 2015<br>12 mde<br>R'm | 2016<br>12 mde<br>R'm | 2017<br>12 mde<br>R'm |
|---|---|---|---|---|---|
| **STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE** | | | | | |
| Verkope | 3 038 | 7 311 | 7 822 | 9 488 | **10 957** |
| Bedryfswins | 180 | 326 | 390 | 489 | **365** |
| Resultate van geassosieerdes | (1) | 5 | 7 | 14 | **(1)** |
| Finansieringskoste | (40) | (61) | (102) | (168) | **(241)** |
| Beleggingsinkomste | 29 | 10 | 6 | 11 | **9** |
| **WINS VOOR AANSPORINGSKORTING** | 168 | 279 | 300 | 346 | **132** |
| Aansporingskorting | (150) | (210) | (228) | (200) | **(215)** |
| **WINS VOOR BELASTING** | 18 | 69 | 73 | 146 | **(83)** |
| Belasting | 5 | 62 | (10) | 4 | **44** |
| **WINS NA BELASTING** | 23 | 131 | 63 | 150 | **(39)** |
| Aansporingskorting | 150 | 210 | 228 | 200 | **215** |
| Dividende verklaar | | 10 | 20 | 30 | **-** |
| Dividendkoers | | 1,40% | 2,28% | 2,88% | 0,00% |
| **STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE** | | | | | |
| Niebedryfsbates | 676 | 892 | 1 094 | 1 581 | **1 911** |
| Bedryfsbates | 1 778 | 2 553 | 3 103 | 4 261 | **4 372** |
| Totale bates | 2 455 | 3 445 | 4 197 | 5 842 | **6 283** |
| Aandelekapitaal | 954 | 1 213 | 1 382 | 1 525 | **1 665** |
| Reserwes | 52 | 182 | 228 | 371 | **212** |
| Totale ekwiteit | 1 007 | 1 395 | 1 610 | 1 896 | **1 877** |
| Minderheidsbelang | (9) | (14) | (10) | 92 | **68** |
| Niebedryfslaste | 230 | 313 | 375 | 386 | **645** |
| Bedryfslaste | 1 227 | 1 751 | 2 222 | 3 468 | **3 694** |
| Totale ekwiteit en laste | 2 455 | 3 445 | 4 197 | 5 842 | **6 283** |
| **WINSGEWENDHEID EN PRODUKTIWITEIT** | | | | | |
| Opbrengs op totale bates | 8% | 10% | 10% | 9% | **6%** |
| Opbrengs op aandeelhouersbelang | 17% | 20% | 19% | 18% | **7%** |
| Bate-omsetsnelheid (aantal keer) | 1,53 | 3,03 | 2,18 | 1,90 | **1,75** |
| Bedryfswins as % van inkomste | 6% | 4% | 5% | 5% | **3%** |
| **SOLVABILITEIT EN LIKIDITEIT** | | | | | |
| Eie kapitaal-verhouding | 41% | 41% | 38% | 32% | **30%** |
| Totale bates tot totale laste | 1,68 | 1,67 | 1,62 | 1,52 | **1,45** |
| Rentedekking (aantal keer) | 5,23 | 5,57 | 3,93 | 3,06 | **1,55** |
| Bedryfskapitaalverhouding | 1,45 | 1,46 | 1,40 | 1,23 | **1,18** |
| Vuurproefverhouding | 1,18 | 1,11 | 1,02 | 0,84 | **0,86** |

**Nota**
Verhoudings is verwerk na 12 maande, waar van toepassing.
Vanaf 1 April 2013 besit VKB 100% (voorheen 50%) van NTK, vandaar die wesenlike styging in die 2014-syfers.



# vir die LIEFDE van die LAND

# FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

## OMSET

| | |
|---|---|
| 2013 | 3 038 R'm |
| 2014 | 7 311 R'm |
| 2015 | 7 822 R'm |
| 2016 | 9 488 R'm |
| 2017 | 10 957 R'm |

## BRUTO INKOMSTE

| | |
|---|---|
| 2013 | 498 R'm |
| 2014 | 967 R'm |
| 2015 | 1 070 R'm |
| 2016 | 1 221 R'm |
| 2017 | 1 489 R'm |

## BEDRYFSUITGAWES

| | |
|---|---|
| 2013 | 318 R'm |
| 2014 | 641 R'm |
| 2015 | 681 R'm |
| 2016 | 731 R'm |
| 2017 | 1 124 R'm |

## WINS VOOR AANSPORINGSKORTING

| | |
|---|---|
| 2013 | 168 R'm |
| 2014 | 279 R'm |
| 2015 | 300 R'm |
| 2016 | 346 R'm |
| 2017 | 132 R'm |

## AANSPORINGSKORTING

| | |
|---|---|
| 2013 | 150 R'm |
| 2014 | 210 R'm |
| 2015 | 228 R'm |
| 2016 | 200 R'm |
| 2017 | 215 R'm |

## WINS VOOR RENTE, BELASTING EN AANSPORINGSKORTING (EBIT)

| | |
|---|---|
| 2013 | 208 R'm |
| 2014 | 340 R'm |
| 2015 | 402 R'm |
| 2016 | 514 R'm |
| 2017 | 373 R'm |

## DIVIDENDE VERKLAAR

| | |
|---|---|
| 2013 | |
| 2014 | 10 R'm |
| 2015 | 20 R'm |
| 2016 | 30 R'm |
| 2017 | |

## DIVIDENDKOERS

| | |
|---|---|
| 2013 | |
| 2014 | 1,40% |
| 2015 | 2,28% |
| 2016 | 2,88% |
| 2017 | |

## OPBRENGS OP TOTALE BATES

| | |
|---|---|
| 2013 | 8% |
| 2014 | 10% |
| 2015 | 10% |
| 2016 | 9% |
| 2017 | 6% |

## OPBRENGS OP AANDEELHOUERSBELANG

| | |
|---|---|
| 2013 | 17% |
| 2014 | 20% |
| 2015 | 19% |
| 2016 | 18% |
| 2017 | 7% |

## BATE-OMSETSNELHEID

| | |
|---|---|
| 2013 | 1,53 |
| 2014 | 3,03 |
| 2015 | 2,18 |
| 2016 | 1,90 |
| 2017 | 1,75 |

## RENTEDEKKING

| | |
|---|---|
| 2013 | 5,23 |
| 2014 | 5,57 |
| 2015 | 3,93 |
| 2016 | 3,06 |
| 2017 | 1,55 |

## EIE KAPITAAL-VERHOUDING

| | |
|---|---|
| 2013 | 41% |
| 2014 | 41% |
| 2015 | 38% |
| 2016 | 32% |
| 2017 | 30% |

## RENTEDRAENDE SKULD

| | |
|---|---|
| 2013 | 1 098 R'm |
| 2014 | 1 400 R'm |
| 2015 | 1 720 R'm |
| 2016 | 2 801 R'm |
| 2017 | 3 324 R'm |

## BEDRYFSKAPITAAL-VERHOUDING

| | |
|---|---|
| 2013 | 1,45 |
| 2014 | 1,46 |
| 2015 | 1,40 |
| 2016 | 1,23 |
| 2017 | 1,18 |

## VUURPROEFVERHOUDING

| | |
|---|---|
| 2013 | 1,18 |
| 2014 | 1,11 |
| 2015 | 1,02 |
| 2016 | 0,84 |
| 2017 | 0,86 |



# RAAD VAN DIREKTEURE

**HUMAN DU PREEZ**
SOSIALE EN ETIEKKOMITEE
LIMPOPO ADVIESKOMITEE
(VOORSITTER)
*WYK 15*

**COENRAAD FICK**
ONDERVOORSITTER
*WYK 1*

**GERT NEL**
OUDIT- EN RISIKOKOMITEE
ONAFHANKLIKE DIREKTEUR

**MICHAEL DE KLERK**
GRAANBEDRYF ADVIESKOMITEE
(VOORSITTER)
*WYK 7*

**DAN KRIEK**
SOSIALE EN ETIEKKOMITEE
(VOORSITTER)
MENSLIKE HULP-
BRONNEKOMITEE
(VOORSITTER)
NOMINASIEKOMITEE
*WYK6*

**KOOS JANSE VAN RENSBURG**
BESTURENDE DIREKTEUR:
VKB GROEP



# VKB LANDBOU (EDMS.) BPK. DIREKSIE

**KOOS JANSE VAN RENSBURG**
BESTURENDE DIREKTEUR:
VKB GROEP

**MOCHELE NOGE**
ONAFHANKLIKE
DIREKTEUR

**ISAAC MOTAUNG**
ONAFHANKLIKE
DIREKTEUR

**FRANCOIS FRONEMAN**
UITVOERENDE DIREKTEUR:
LANDBOU (LIMPOPO)

**MARKUS MITTERMAIER**
UITVOERENDE DIREKTEUR:
FINANSIES VKB GROEP

**FRANCOIS SWANEPOEL**
UITVOERENDE DIREKTEUR:
LANDBOU (VRYSTAAT)


**MOSES MAINE**
DIREKTEUR: TRANSFORMASIE




# VKB BELEGGINGS (EDMS.) BPK.




# VKB AGRI PROCESSORS (PTY) LTD DIREKSIE



**PAUL CARSHAGEN**

**2017** was een van die moeilikste jare in VKB se geskiedenis **na 10 jaar van voorspoed**

**Groep het steeds wins gemaak van**

# R132 miljoen

# VOORSITTERSVERSLAG

## VKB GROEP SE PRESTASIE

Die 2017 finansiële jaar sal vir baie lank onthou word as een van die moeilikste jare in VKB se geskiedenis, na bykans 10 jaar van ongekende voorspoed en groei. Ons is dankbaar dat die Groep steeds kon afsluit met 'n wins van R132 miljoen, ten spyte van groot verliese deur die nywerhede. Dit beklemtoon maar net weer eens dat die stabiliteit van landbou in ons omgewing die basis is waarop die Groep se fondamente gebou is.

Die jaar se resultate is behaal gedurende 'n jaar waarin klimaat, asook plaaslike en internasionale politiek, 'n geweldige effek gehad het op die sakelandskap in Suid-Afrika.

## POLITIEK

Die aanloop tot die aanwysing van die regerende party se topstruktuur het 'n baie groot invloed op sakevertroue in Suid-Afrika. Die verdeeldheid binne die regerende party, binnegevegte tussen die staatspresident en van sy senior ministers, en die afgradering van Suid-Afrika se kredietgradering veroorsaak wisselvallige ekonomiese aanwysers. Veral die wisselkoers was baie meer onvoorspelbaar as normaalweg. Dit, tesame met beleidsonsekerheid, het grondstofaankope vir die nywerhede baie bemoeilik gedurende die afgelope jaar.

Op internasionale gebied het sake ook nie so stabiel verloop as wat die sakesektor gehoop het nie. Die Verenigde State van Amerika ("VSA") het 'n nuwe president verkies, wat ook 'n groot invloed gehad het op plaaslike beleidsekerheid. Voorts het die waarde van die Amerikaanse dollar 'n groot invloed op graankommoditeite se pryse gehad. Die verkiesingsveldtog van mnr. Donald Trump was daarop toegespits om Amerika eerste te stel, plaaslike infrastruktuurontwikkeling te versnel en die VSA se belastingbeleid aan te pas. Hierdie beleidspunte het daartoe bygedra dat die Amerikaanse dollar gedurende die laaste maande van 2016 teen die hoogste vlak in 'n lang tyd teenoor die belangrikste geldeenhede in die wêreld verhandel het. Van die voorgestelde maatreëls wat die Trump-administrasie reeds ingestel het, was om te onttrek van die TPP ("Trans-Pacific Partnership")-handelsooreenkoms met lande in die Verre Ooste en die heronderhandeling van NAFTA ("North American Free Trade Agreement"). Beide die ooreenkomste speel 'n belangrike rol in verhandeling van landbouprodukte tussen die ondertekenaars van die ooreenkomste. Groot onsekerheid bestaan in die internasionale landbouhandel oor die uitwerking wat laasgenoemde maatreëls op wêreldlandbouhandel het.

Europa ervaar sy eie uitdagings met die onttrekking van Brittanje aan die Euro-sone, die toestroming van immigrante uit Noord-Afrika en die Midde-Ooste, en die vertroebeling van sakeverhoudings tussen Rusland en die vernaamste Europese ekonomieë. Die Brexit-besluit dra by tot groot onsekerheid oor hoe handelsbetrekkinge tussen die vyfde grootste ekonomie in die wêreld (Brittanje) en die res van die lande binne die Europese Unie, asook die res van die wêreld, vir die volgende aantal jare daar gaan uitsien.

Al hierdie gebeure het 'n indirekte invloed op die stabiliteit van die Suid-Afrikaanse sake-omgewing, wisselkoerse en gepaardgaande beleide, wat die daaglikse bestuur van ondernemings bemoeilik.

## VKB SE LANDBOUDIVISIE PRESTEER GOED

Met die aanbreek van die 2016-kalenderjaar, en lank nadat die optimale planttyd reeds verstryk het, het die eerste werklike reëns teen middel Januarie 2016 geval. Dit het aan produsente die geleentheid gebied om inderhaas te plant en 'n boverwagte oes is behaal. Alhoewel die oes ongeveer 25% laer was as die vorige jaar se uitsonderlike goeie oes, was die waarde daarvan, gegewe die baie hoë graanpryse, bykans dieselfde as die vorige jaar se groot oes. In so 'n jaar is daar ongelukkig produsente wat baie swak oeste gerealiseer het, gegewe die weer, maar produsente wat billike oeste gerealiseer het, het die geleentheid gehad om te deel in die graanbulmark. Ons is dankbaar dat die jaar geëindig het met VKB-oorlaatskuld op bykans dieselfde vlakke as 'n jaar gelede en sonder uitermatige slegte skuld-verliese.

Die droogte het ook geleenthede vir die Groep gebied. Die invoer van groot volumes graan is daardeur genoodsaak en, gegewe VKB se geografiese ligging, het die Groep daarin geslaag om baie van die ingevoerde graan deur sy silostrukture die land te laat binnekom. Gevolglik het die Groep se Graandepartement billike resultate behaal ten spyte van die droogte. 'n Verdere bydraende faktor tot die landboudivisie se prestasie is dat die 2017-aanplantings, in skrille kontras met die vorige jaar, onder bykans ideale omstandighede plaasgevind het. Die finansierings- en kommersiële afdelings het daarby gebaat.

VKB se nywerhede het 'n baie positiewe effek op die prestasie van VKB Landbou (Edms.) Bpk. ("VKB Landbou"). Die Groep het die afgelope jaar 1 150 519 ton graan verwerk en baie van die graan is langer in VKB se silo's gestoor as wat die geval sou wees indien die produkte nie verwerk is nie. Dit bied die geleentheid om meer silo-inkomste te verdien. Baie graan is ook van buite die tradisionele VKB-gebied na VKB se silo's getrek, spesifiek met die oog op verwerking deur die Groep se nywerhede, wat 'n verdere bydrae gelewer het tot die silo-inkomste.

## TELEURSTELLENDE PRESTASIE VAN VKB SE NYWERHEDE

Gedurende die afgelope jaar het VKB Agri Processors (Pty) Ltd teleurstellende resultate behaal weens 'n verskeidenheid redes, met swak prestasie deur al die nywerhede.

Die strategiese doelwit met VKB se nywerhede is om waarde toe te voeg tot produsente se produkte. Suid-Afrika is normaalweg 'n uitvoerder van primêre landbouprodukte en graankommoditeite verhandel teen pryse wat afgelei word van uitvoerpariteit. Gegewe die droogte gedurende 2016, is graan verhandel op 'n afgeleide invoerprysbasis. Hoewel ons verwag het dat die nywerhede minder winsgewend sou wees gedurende invoerjare met hoë grondstofkoste, kon niemand voorsien hóé negatief die effek van hoë grondstofkoste op die nywerhede sou wees nie. Die negatiewe effek is vererger deur die fluktuasie in die grondstofkoste, wat tot 'n groot mate veroorsaak word deur beleidsonsekerheid. Voorbeelde hiervan is die veranderde beleid oor die invoer van geneties gemanipuleerde witmielies, wat die prys van witmielies drasties verlaag het en bykans al die groot meulenaars met duur grondstof gelaat het. Die gevolg van die duur grondstof was dat VKB se meulens afgesluit het met 'n verlies, teenoor die vorige jaar se beduidende bydrae tot die winsgewendheid.

# VOORSITTERSVERSLAG (VERVOLG)

Die braaikuikenbedryf is gedurende die jaar getref deur die sogenaamde "perfekte storm". Benewens die effek wat die droogte op grondstofpryse gehad het, is Suid-Afrika oorlaai met ingevoerde hoender wat in Suid-Afrika verkoop word teen pryse benede plaaslike (en ook internasionale) produksiekoste. Plaaslik moes kuikens gevoer word met die duurste voer ooit en in die buiteland was grondstofpryse van die laagste in jare. Dit het invoerders uiters mededingend gemaak. Te midde van die krisisse het die regering wetgewing in verband met waardetoevoeging op hoendervleis gewysig om maksimum 15% vogtoediening tot die hoendervleis toe te laat. Dit het tot gevolg gehad dat die mark 'n nuwe ewewig moes vind, wat verbruikersweerstand ontlok het. Gelukkig blyk dit nou dat die regering die ernstige gevolge vir die pluimveebedryf en die groter landboubedryf begryp, en word wetgewing oorweeg om storting in Suid-Afrika te beperk.

VKB Flour Mills (Pty) Ltd se resultate was billik, inaggenome dat dit 'n rukkie sou duur om die nuwe bakkerye in die mark te vestig.

Free State Oil (Pty) Ltd het ook 'n klein verlies gely weens die hoë sojaboonpryse en mededingende invoere.

## STRATEGIESE ONTPLOOIING

Primêre landbou is reeds vir bykans 'n eeu die kernrede vir VKB se bestaan en, sekondêr hiertoe, poog VKB om waarde toe te voeg tot sy produsente se produkte.

VKB se primêre doel is dus om vir landbouprodusente 'n klimaat te skep waar hulle op produksie kan fokus en VKB hulle ondersteun om suksesvol te produseer. Die hooffokus is op die voorsiening van direkte insette (brandstof, saad, kunsmis, veevoer, verpakkingsmateriaal, veemiddels, versekering en finansiering), hantering en berging van graan en die bemarking van die produkte.

Goeie vordering is reeds gemaak met die vestiging van die nywerhede, wat reeds waarde toevoeg tot witmielies (190 639 ton), geelmielies (546 349 ton), sojabone (182 658 ton) en koring (157 327 ton). Dit dek dus die vernaamste gewasse wat in die VKB-produksiegebied verbou word.

Gegewe die pas afgelope moeilike finansiële jaar, is 'n doelbewuste besluit geneem om vir die kort termyn te konsolideer en die bestaande bedrywe te versterk. Sommige projekte is tydelik uitgestel sodat fokus geplaas kan word op die versterking van VKB se balansstaatverhoudings en kontantvloei.

Ons is steeds van mening dat die waardetoevoegingstrategie die regte strategie is en dat, gegewe 'n gelyke internasionale speelveld, die nywerhede in die toekoms nog groot waarde vir VKB se aandeelhouers en produsente sal bied.

## GROEPSTRUKTUUR

Die VKB Groep se herstrukturering, met 'n houermaatskappy (VKB Beleggings [Edms.] Bpk.) en afsonderlike bedryfsmaatskappye vir landbou (VKB Landbou) en nywerhede (VKB Agri Processors [Pty] Ltd), is gedurende die afgelope jaar afgehandel. VKB Landbou sal steeds die koöperatiewe model volg, terwyl VKB Agri Processors (Pty) Ltd 'n korporatiewe model sal volg. Die twee groepe word onafhanklik van mekaar gefinansier.

Die Groep is ook reg geposisioneer vir Swart Ekonomiese Bemagtiging met Werknemerstrusts as medeaandeelhouers in sekere van die bedryfsmaatskappye.

## TRANSFORMASIE

VKB is ten volle verbind tot die regering se beleid oor transformasie en glo dat elke Suid-Afrikaner gelyke geleenthede moet geniet. Daarom word gelyke geleenthede aan werknemers gebied om te groei binne die onderneming. Die Groep is daartoe verbind om werknemers van kleur, wat potensiaal toon, 'n geleentheid van versnelde ontwikkeling en blootstelling te bied en is trots op die geïntegreerde werkplek wat VKB tans bied.

Gegewe VKB se vordering op die gebied van transformasie, voldoen die Groep aan die wetlike vereistes vir Swart Ekonomiese Ontwikkeling en Gelyke Indiensneming.

## PROGNOSE VIR 2018

Die prognose vir die 2018 finansiële jaar lyk uiters gunstig. Dit blyk dat een van die grootste someroeste ingesamel sal word. Beide sojabone en mielies lewer baie hoë opbrengste regdeur die VKB-gebied.

Die potensiële rekordoes bied aan produsente die geleentheid om hulle finansiële posisie te verstewig, en aan VKB graanvolumes wat die bergingskapasiteit kan oorskry. Dit behoort deur die 2018 finansiële resultate gereflekteer te word. Die laer kommoditeitspryse bied aan al die nywerhede die geleentheid om billike resultate te realiseer. Die braaikuikenbedryf is meer stabiel, te danke aan die regering wat meer ingestel is om teen storting op te tree en die internasionale mededingendheid van die Suid-Afrikaanse bedryf, wat verbeter het gegewe die beter grondstofpryse.

Gevolglik word met groot verwagting uitgesien na die ontplooiing van die nuwe finansiële jaar.

## BEDANKINGS

Ek wil die geleentheid gebruik om my opregte dank uit te spreek teenoor die volgende:

- Produsente vir hulle voortgesette lojale ondersteuning.
- My mededirekteure vir hulle toewyding en visie.
- Ons Uitvoerende Bestuur en personeel wat die hart van die onderneming is en die onderneming met soveel toewyding dien.
- Ons verskaffers en graanafnemers met wie ons jarelange verbintenisse het en wat ons onderneming getrou ondersteun.

Ons wil ook in diepe afhanklikheid ons Hemelse Vader dank vir die seën wat Hy so onverdiend oor ons onderneming uitstort.

Paul Carshagen
**Voorsitter**



KOOS JANSE VAN RENSBURG

MARKUS MITTERMAIER

# BESTUURSOORSIG

## VIR DIE FINANSIËLE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2017

Die VKB Groep het, na etlike jare van uitsonderlike prestasies, een van die moeilikste jare in sy geskiedenis beleef. Ten spyte van die moeilike ekonomiese toestande het die gevestigde landboubesigheidseenhede net weer bewys dat dit die ruggraat van die VKB Groep bly. Wat die tradisionele landboubesigheidseenhede betref, het beide die Vrystaat- en Limpopo-streke baie goed presteer en is dit veral die Graandepartement wat weer getoon het dat dit die kern van enige landboubesigheid in 'n saaigebied bly.

Feitlik al die nywerhede het met verliese afgesluit, en dit is veral die hoenderbedryf en die nywerhede wat afhanklik is van graankommoditeite, wat baie nadelig geraak is.

### GROEPRESULTATE

Op jaareinde reflekteer VKB se gekonsolideerde netto wins voor belasting en aansporingskortings R132,2 miljoen teenoor die vorige jaar se R346,1 miljoen.

**Grafiek 1: Wins voor aansporingskorting**




**Tabel 1: Winste en verliese van die Groep se individuele maatskappye vir die afgelope twee jaar voor belasting**


| Naam | Aandeelhouding (%) | Wins/(Verlies) 2016 | Wins/(Verlies) 2017 |
|---|---|---|---|
| VKB Beleggings (Edms.) Bpk. | 100 | | **R14,9 miljoen** |
| VKB Landbou (Edms.) Bpk. | 85 | R229,9 miljoen | **R243,1 miljoen** |
| Grain Field Chickens (Pty) Ltd | 76,9 | (R5,8 miljoen) | **(R98,7 miljoen)** |
| TripleV Animal Feeds (Pty) Ltd | 100 | | **R0,8 miljoen** |
| VKB Milling (Pty) Ltd | 100 | R87,3 miljoen | **(R25,3 miljoen)** |
| NTK-Venda Roller Mills (Pty) Ltd | 55 | R3,9 miljoen | **(R3,8 miljoen)** |
| Free State Oil (Pty) Ltd | 100 | (R4,0 miljoen) | **(R10,0 miljoen)** |
| VKB Flour Mills (Pty) Ltd | 70 | R23,7 miljoen | **(R3,2 miljoen)** |
| VKB Homegrown Bakery (Pty) Ltd | 100 | | **(R6,1 miljoen)** |
| VKB Bakery KZN (Pty) Ltd | 100 | | **(R3,1 miljoen)** |
| Nu-Pro Voere (Edms.) Bpk. | 50 | R14,7 miljoen | **(R1,0 miljoen)** |
| Nu-Pro Commodities (Pty) Ltd | 50 | R13,4 miljoen | **(R5,5 miljoen)** |
| Crown Bag (Pty) Ltd | 100 | R1,5 miljoen | **R2,3 miljoen** |
| AE Solutions (Pty) Ltd | 26 | R12,2 miljoen | **R9,7 miljoen** |
| VKB Brokers (Pty) Ltd | 100 | | **R13,4 miljoen** |
| Farmpack (Pty) Ltd | 36 | | **R11,8 miljoen** |
| NAK-koelstoor Gesamentlike Onderneming | 50 | (R2,6 miljoen) | **(R1,7 miljoen)** |

# BESTUURSOORSIG (VERVOLG)

## AANSPORINGSKORTING

Gegewe die goeie prestasie van VKB onder moeilike ekonomiese omstandighede, het die Direksie goedkeuring verleen dat die Groep R215 miljoen as aansporingskorting aan kliënte toeken. Sedert 1 April 2015 is VKB en NTK een besigheid en word hierdie aansporingskorting op dieselfde basis verdeel tussen alle landboukliënte van die twee streke. Die aansporingskorting per kliënt word op die afgelope jaar se ondersteuning en deelname aan bedrywighede gebaseer.


### Grafiek 2: Aansporingskorting




## DIVIDENDE VERKLAAR

Weens die negatiewe resultate van die nywerhede is geen dividende verklaar vir die afgelope jaar nie. 'n Voorkeurdividend is die voorafgaande drie jaar verklaar op die Klas 2-voorkeuraandele. Daardie dividende was verklaar uit winste gegenereer deur die nywerhede en is uitsluitlik te danke aan VKB se besluit om in die waardeketting te investeer. Dit ontsluit goeie waarde vir die maatskappy se aandeelhouers deur die dividende wat hulle ontvang, maar ook deur die verdere verwerking van hulle produkte.


### Grafiek 3: Dividende verklaar




## BEDRYFSRESULTATE

Die VKB Groep se omset van R10,957 miljard verteenwoordig 'n styging van 15% teenoor die vorige jaar. Die verkryging van 'n beherende belang in enkele nuwe entiteite binne die VKB Groep gedurende die jaar het 'n groot aandeel in dié styging gehad. Kapasiteitsuitbreiding by van die bestaande nywerhede het ook bygedra tot die styging in omset. Aan die landboukant het verhoogde volumes en pryse vir landbou-insette, asook verhoogde kommoditeitspryse, die omsette laat styg.


### Grafiek 4: Omset




## BRUTO INKOMSTE

Ten spyte van die nywerhede se swakker prestasie is die styging in bruto inkomste hoofsaaklik te danke aan die landboubesighede wat uitstekend presteer het. Hoewel die graanontvangste laer was as die vorige jaar, is 'n hoër bruto inkomste gerealiseer.


### Grafiek 5: Bruto inkomste




## UITGAWES

Uitgawes word streng bestuur en is binne verwagting ten opsigte van inflasie-aannames. Enkele uitgawes was hoër, hoofsaaklik weens verkrygings, verhoogde volume besigheid en kapasiteitsuitbreidings by die nywerhede.

### Grafiek 6: Bedryfsuitgawes




Ontleding van VKB-uitgawes dui daarop dat enkele items om spesifieke redes 'n toename getoon het. Rente betaal is beduidend hoër as die vorige jaar, hoofsaaklik weens die verkrygings/uitbreidings in die VKB Groep, asook die feit dat VKB 'n debiteureboek bestuur wat wesenlik hoër as die vorige jaar is. Die investerings in vaste bates word hoofsaaklik met termynlenings gefinansier, en die verhoogde bedryfskapitaal deur middel van oortrokke fasiliteite en eie fondse. Die groeiende debiteureboek het gelukkig nie net 'n Rente Betaal-komponent nie, maar ook 'n Rente Ontvang-komponent waarop 'n marge verdien word.

Weens VKB se doelbewuste groeistrategie, veral met die nywerhede, was dit onafwendbaar dat ekstra personeel aangestel moes word en dit het gevolglik die salariskoste met meer as inflasie laat styg.

## KAPITAALBRONNE

Die aard van 'n landboubesigheid wat debiteuresiklusse finansier wat met produksie- en bemarking-seisoene verband hou, veroorsaak dat sy kapitaal- en opbrengsverhoudings moeilik met empiriese norme vergelyk kan word. Die onderstaande grafiek toon die eie kapitaal-verhouding tot totale kapitaal aan wat werksaam is binne die VKB Groep. Weens VKB se doelbewuste groeistrategie die afgelope aantal jare word groot kapitale investerings, wat die kapitaalverhouding tydelik versteur, gemaak. Dit is die rede vir die daling in die kapitaalverhouding.

### Grafiek 7: Eie kapitaal-verhouding




Die investering in kapitaalintensiewe bedrywe word binne konserwatiewe norme, wat vir balansstaatverhoudings gestel word, gedoen en VKB se Staat van Finansiële Posisie behoort voortaan steeds een van sy sterk punte te wees. Die kapitaalverhoudings behoort gaandeweg te verbeter aangesien nuwe uitbreidings selektief bestuur word. Die maatskappy se langtermyndoelwit is om 'n eie kapitaal-verhouding van ten minste 35% te handhaaf.

## BEDRYFSKAPITAAL- EN LIKIDITEITSVERHOUDINGS

Weens die groeistrategie wat VKB gevolg het, is daar 'n groter behoefte aan addisionele bedryfskapitaal. Optimale vlakke van bedryfskapitaal word egter steeds gehandhaaf en die Groep se likiditeit is steeds op gesonde vlakke.


### Grafiek 8: Bedryfskapitaalverhouding




Die insluiting van die nywerhede se debiteuresyfers het die Groep se totale debiteure aansienlik laat styg. Die debiteuresiklusse van die nywerhede is egter heelwat korter as dié van die landbouproduksiesiklusse, wat weer die totale gemiddelde aantal debiteuredae inkort en die Groep se kontantvloei bevoordeel. Die landboudebiteure toon 'n styging, wat 'n noodwendige gevolg is van die verhoogde volume besigheid asook die verhoogde landbou-insetkoste, maar bly in verhouding tot sy inkomste gegenereer.

Die kwaliteit van die debiteureportefeulje is steeds baie goed. 'n Matige aanpassing in die voorsiening vir twyfelagtige skuld was, gegewe die omstandighede, nietemin nodig. Die verwagting is egter dat die oorlaatskuld in die komende jaar kan afneem weens die bogemiddelde someroes.

### Grafiek 9: Totale debiteure





## OPBRENGS OP TOTALE EN EIENAARSKAPITAAL

Weens die omvang van VKB se finansieringsaktiwiteite voldoen die opbrengs op totale kapitaal nie aan die uitdagende norme wat die maatskappy graag wil behaal nie. In 'n poging om die opbrengs op totale kapitaal te verhoog, het VKB die afgelope aantal jare in 'n aantal nuwe projekte belê, waar die opbrengs op die kapitale investering hoër as die gemiddelde opbrengs op totale kapitaal behoort te wees.

Die opbrengs op eie kapitaal voldoen tans ook nie aan die maatskappy se doelwitnorm nie en behoort ook in die komende jaar aansienlik te verbeter.

### Grafiek 10: Opbrengs op kapitaal




## VASTE BATES

Die Groep se kapitaalspandering het R275 miljoen beloop. Hiervan het die spandering aan grond en geboue R92 miljoen beloop; aanleg, toerusting en meubels R115 miljoen; voertuie R24 miljoen en rekenaartoerusting R18 miljoen. Depresiasie vir die jaar het R102 miljoen beloop. Die investerings word opgemaak uit verskeie kleiner verkrygings binne die Groep, asook uitbreidings by van die bestaande besighede.

## KONTANTVLOEI

Die bedryfsaktiwiteite van die Groep lewer 'n kontantuitvloei van R176 miljoen. Die netto beweging uit beleggingsaktiwiteite het R261 miljoen laat uitvloei. Die finansieringsaktiwiteite van die Groep het R4 miljoen laat invloei.

In totaal was daar dus 'n netto afname in kontant van R433 miljoen, wat die kontanttekort aan die begin van die jaar vergroot het.

## VOLHOUBAARHEID

VKB se bedrywighede is uitstekend geposisioneer om selfs tydens ongunstige ekonomiese tye winsgewend te kan wees. Die hele Groep se state van finansiële posisie is konserwatief gestruktureer. Aangesien die debiteureboek gedeeltelik uit eie kapitaal gefinansier word, hou 'n verhoging in finansieringskoste nie vir die onderneming enige gevaar in nie en behoort 'n verhoging in rentekoerse selfs 'n verbetering in die onderneming se resultate tot gevolg te hê. Investering in nuwe besigheidseenhede word net aangepak indien die geprojekteerde resultate aan sekere vooropgestelde norme voldoen. Dit word ook net gedoen indien sinergie met bestaande bedrywighede bestaan wat tot die nuwe besigheid se mededingende voordeel bydra. Gegewe die genoemde aspekte, is die onderneming uitstekend geposisioneer om op die lang termyn volhoubaar te presteer.

Koos Janse van Rensburg
**Besturende Direkteur: VKB Groep**

Markus Mittermaier
**Uitvoerende Direkteur: Finansies VKB Groep**



# VKB UITVOERENDE BESTUUR



**KOOS JANSE VAN RENSBURG**
BESTURENDE DIREKTEUR:
VKB GROEP

**MARKUS MITTERMAIER**
UITVOERENDE DIREKTEUR:
FINANSIES VKB GROEP


**SAS KASSELMAN**
BESTURENDE DIREKTEUR:
VKB AGRI PROCESSORS
(PTY) LTD

# LANDBOUVERSLAG

## VKB LANDBOU (EDMS.) BPK.

### STRATEGIESE DOELWIT

Die oorhoofse strategie van VKB Landbou (Edms.) Bpk. ("VKB Landbou") is steeds om die produsente te ondersteun om meer effektief en winsgewend te boer. VKB Landbou moet dus hulle insetkoste verminder en die waarde van hulle produkte optimaliseer. Die tradisionele landbou-afdelings word binne die maatskappy self bedryf. Die struktuur van hierdie vertakking sien soos volg daar uit:




Besigheid binne VKB Landbou word regdeur die Oos-Vrystaat en Limpopo gedoen. Hieronder volg 'n kort opsomming per afdeling en filiaal:

### Handel

Handel bestaan uit 'n netwerk van 49 bedryfspunte. Produkte wat aangebied word, sluit in brandstof, kunsmis, chemikalieë, saad, dieregesondheid, veevoer, besproeiing, staal, omheining, boumateriaal, verpakkingsmateriaal en algemene hardeware.

Die afgelope finansiële jaar was gekenmerk deur moeilike landboutoestande, maar ten spyte daarvan kon die afdeling daarin slaag om goeie groei in omset te behaal. 'n Hernude fokus word tans op die optimalisering van hierdie afdeling geplaas en verskeie projekte en handelstakopgraderings word beplan. Die uitbreidings is daarop gefokus om 'n beter eenstopkoopervaring vir die produsent te bied, maar ook om Handel meer toeganklik te maak vir die breër publiek.

Die standaardisering, asook die aanbied van volledige produkreekse binne Handel, is tans 'n groot prioriteit. Sisteme word tans in plek gestel om te verseker dat die produkaanbieding aan kliënte drasties verbeter, ten einde te verseker dat kliëntetevredenheid aan die orde van die dag is.

Gedurende die jaar is die eerste VKB Express-winkel met groot sukses op Reitz geopen. Deur hierdie besigheidseenheid word 'n 24-uur brandstof- en geriefsaanbieding aan kliënte gedoen. Hierdie nuwe fasiliteite vergelyk met die beste in die land. Weens die sukses van hierdie aanbieding word beplan om soortgelyke besigheidseenhede te vestig regdeur VKB se bedieningsgebiede.

VKB Landbou het aan die begin van die finansiële jaar ook sy eerste megatak gevestig op Bethlehem. Hierdie afdeling het ten doel om, weens die grootte van die tak, 'n volledige produkaanbieding aan VKB se kliënte te bied. Na aanleiding van die tak se sukses, vorm dit deel van VKB se strategie om dit verder uit te brei na ander groot sentrums.

As deel van die strategie om VKB Landbou se voetspoor uit te brei in die landelike gebiede van Limpopo, het VKB Landbou – Limpopo-divisie gedurende die jaar twee nuwe handelstakke geopen, naamlik op Mahwelereng en Steilloop. Bogenoemde takke word ondersteun deur die meer gevestigde Mokopane en Baltimore Handelstakke onderskeidelik. Die uitbreidings dra by tot die verspreiding van VKB Agri Processors (Pty) Ltd se produkte en lewer ook 'n wesenlike bydrae tot opkomende en kommersiële boerderye in die plaaslike omgewings.

Modimolle Handelstak het 'n grootskaalse opgradering ondergaan wat groter vloerspasie geskep het, sowel as 'n totale opgradering van die brandstofrybaan. Laasgenoemde opgradering het die toevoeging van 'n VKB Mini Express-geriefswinkel ingesluit.

### Meganisasie

Meganisasiedienspunte bestaan uit 10 meganisasie-werkwinkels en -onderdelepunte, wat ondersteun word deur 10 heelgoederebemarkers. Meganisasie beskik oor 'n wye reeks produkte en agentskappe. Van die produkreekse sluit in Case, Jupidex, Rovic Leers, Falcon, AgriCAD, Equalizer en Amazone.




As gevolg van veranderings in die mark was VKB genoodsaak om 'n enkelagentskap te kies en was geforseer om die New Holland-agentskap op te sê en voortaan slegs die Case-agentskap aan te hou. VKB is egter van mening dat die Case-handelsmerk 'n beter handelsmerk is, met 'n groter verskeidenheid produkte waarmee sy kliëntebasis beter gedien kan word. VKB en Case sien uit na 'n langtermynbedeling, waar die Case-handelsmerk vanaf die Oos-Vrystaat tot in Limpopo uitgebrei sal word tot die voorkeurhandelsmerk.

Meganisasie het die afgelope jaar baie goed presteer. Ten spyte van die moeiliker landboutoestande en veranderings in die mark, kon Meganisasie daarin slaag om 'n goeie groei in netto wins te realiseer.

## Graanbedryf

Graanbedryf bestaan uit 21 graansilo's, waarvan 13 in die Noordoos-Vrystaat en 8 in Limpopo geleë is. Hierdie graansilo's het 'n totale kapasiteit van 1,3 miljoen ton en is toegerus om verskeie grane en oliesaadprodukte per pad en spoor te ontvang en veilig te berg. Verskeie graandienste word by die fasiliteite aangebied. VKB poog om sy fasiliteite deurlopend op te gradeer volgens die behoeftes van sy produsente en afnemers. As addisionele diens aan produsente beskik VKB ook oor droog- en skoonmaakgeriewe om nat en besmette graan te ontvang.

Die swakker landboutoestande het tot gevolg gehad dat 'n beduidende laer hoeveelheid plaaslike graan ontvang is as tydens die vorige seisoen. Ten spyte hiervan kon die afdeling daarin slaag om 'n groot hoeveelheid graan van buite die tradisionele bedieningsgebiede te ontvang en gevolglik 'n goeie groei in bedryfswins te bewerkstellig.

VKB verwag op hierdie stadium 'n rekord someroes. Die stoorkapasiteit van die bestaande fasiliteite is nie voldoende om die oes te hanteer nie en VKB was genoodsaak om metodes te implementeer om die produsente se graan so vinnig en veilig as moontlik te ontvang. Gegewe die oesgrootte, plaaslike verbruik en uitvoere, is 'n hele aantal alternatiewe oorweeg. Die opbergruimte by bestaande fasiliteite word uitgebrei deur die toevoeging van tussen 120 000 en 160 000 ton addisionele stoorkapasiteit. Hierdie fasiliteite sal nie net die innamespoed en opbergkapasiteit tydens oestyd verbeter nie, dit skep ook die geleentheid om ander alternatiewe binne die afdeling te benut.

## Graanbemarking

Die Graanbemarkingsafdeling is daarop gefokus om 'n omvattende diens aan produsente, graanhandelaars, meulenaars, veevoeraanlegte, internasionale handelaars en ander verwerkers te lewer. Hierdie diens, wat aan al die VKB-kliënte se behoeftes voldoen, word gerugsteun deur effektiewe stelsels, prosedures en 'n Safex-setel, en word bedryf binne VKB Graan (Edms.) Bpk.

Die beter somerproduksiejaar en die gevolglike groot daling in graan- en oliesaadpryse het reeds aan die einde van die afgelope finansiële jaar 'n wesenlike positiewe effek op die resultate van Graanbemarking gehad. Die koste van kapitaal het drasties verlaag en hierdie tendens behoort ook voort te duur in die nuwe finansiële jaar, met 'n soortgelyke positiewe effek.

## Versekering

Die Versekeringsdepartement bestaan uit 12 kantore, wat beman word deur 12 opgeleide en ervare adviseurs. Versekeraars wie se produkte bemark word, sluit in Santam, Mutual & Federal, Hollard en Landmark.

Die groter oes van die komende seisoen het veral op oesversekering 'n positiewe effek gehad. Die hoër inkomste uit oesversekering het 'n direkte positiewe effek op die departement se resultate gehad en dit het 'n baie goeie groei in inkomste getoon. Hierdie besigheid word binne VKB Brokers (Pty) Ltd bedryf.

## Finansiering

As geregistreerde kredietverskaffer voldoen VKB se Finansieringsdepartement aan die gedragskode en regulatoriese vereistes van die Nasionale Kredietreguleerder ("NCR"). Die kernfunksie van hierdie afdeling is om krediet te verskaf aan produsente, wat hulle in staat stel om hul produksie-insette te bekom ten einde landbouprodukte suksesvol en volhoubaar te kan produseer.

# LANDBOUVERSLAG (VERVOLG)
## VKB LANDBOU (EDMS.) BPK.

VKB bied aan die produsent 'n verskeidenheid mededingende en geskikte finansieringsprodukte, waaronder produksielenings, maandrekenings, termynlenings en kontrakgroeifinansiering. Met 'n debiteureboek van meer as R2 miljard lewer die departement 'n aansienlike bydrae om Suid-Afrikaanse kommersiële en opkomende boere in staat te stel om winsgewend in die voedselketting te kan produseer.

Verhoudings en persoonlike kontak is van uiterste belang en 'n span van 15 bekwame kredietbestuurders sien om na die belange van produsente. Hulle spits hulle toe op gepaste, bekostigbare finansieringsoplossings vir die uiteenlopende behoeftes van die produsente.

### Filiale

Benewens bogenoemde departemente beskik die maatskappy ook oor die volgende filiale, wat almal 'n wesenlike bydrae tot die sukses van VKB Landbou maak:

#### Crown Bag (Pty) Ltd ("Crown Bag")

Die Crown Bag-fabriek, wat op Harrismith in die Vrystaat geleë is, vervaardig verpakkingsmateriaal. Die fabriek is in 1989 gestig. Die VKB Groep se betrokkenheid by hierdie maatskappy is in lyn met die Groep se strategie om te fokus op integrasiegeleenthede in die landbouwaardeketting en om getrou te bly aan sy identiteit as 'n produsentebesigheid. Die fabriek het die kapasiteit om maandeliks meer as ses miljoen sakke te vervaardig. Die skaalvoordele wat uit die kapasiteit voortspruit, verseker kostedoeltreffende verkryging van grondstowwe en verseker nie alleenlik die maatskappy se mededingende posisie in die mark nie, maar dra ook by tot die verlaging van insetkoste vir produsente.

Nuwe toerusting is bestel ten einde die besigheid in staat te stel om aan te pas by veranderende tendense binne die mark en ook om meer koste-effektief te kan produseer. Die nuwe toerusting behoort in die tweede helfte van die nuwe finansiële jaar in produksie gestel te word.

#### NAK-koelstoor Gesamentlike Onderneming ("NAK-koelstoor")

Die NAK-koelstoor is 'n verkoelingsfasiliteit vir aartappelsaad. Die koelstoor, wat op Bethal in Mpumalanga geleë is, lewer al meer as 40 jaar 'n opbergingsdiens aan die aartappelbedryf. VKB Landbou hou 'n 50%-belang in hierdie gesamentlike onderneming.

Die koelstoor beskik oor die kapasiteit om ongeveer 113 000 sakkies aartappelsaad, oftewel 2 500 palette, te berg. Die koelstoor lewer 'n kwaliteitsdiens aan produsente teen mededingende tariewe en dra by tot die verlaging van insetkoste vir produsente.

#### AE Solutions (Pty) Ltd ("AES")

AES, met sy hoofkantoor in Centurion, beskik oor meer as 30 jaar omvattende ondervinding in verkope, diens en ondersteuning van analitiese toerusting in hoofsaaklik die landboubedryf. VKB besit 27,37% van die aandele in AES.

Die maatskappy bied 'n volledige oplossingsdiens met kundigheid deur spesialiste in die AES-span en 'n netwerk van eksterne kenners, soos nodig. Hierdie netwerk van kundigheid stel AES in staat om die beste gebruik te maak van die voorste tegnologie en innovasie in 'n wye verskeidenheid omstandighede en toestande.

Opgeleide spesialiste verskaf volledige steun ten opsigte van toepassing en ontwikkeling van metodes vir alle analises en laboratoriums. 'n Span toegewyde diensingenieurs bied vinnige en kostedoeltreffende voorkomende instandhouding en tegniese steun in al die gebiede waar die maatskappy in bedryf is, insluitend Suid-Afrika, Sub-Sahara Afrika, Mauritius, Madagaskar en die Seychelle-eilande.

AES bied gereeld plaaslike en internasionale opleidingsprogramme aan kliënte ten opsigte van spesifieke analitiese tegnieke en toepassings.

#### VKB Fuels (Pty) Ltd ("VKB Fuels")

VKB Fuels is 'n nuutgestigte maatskappy waarin die VKB Groep se brandstof- en petroleumbesigheid voortaan bedryf sal word.

Die uitbreiding van VKB se brandstofaanbieding geniet tans baie aandag. Behalwe vir die opgradering van bestaande fasiliteite, word die aflewering van brandstof op produsente se plase opnuut ondersoek. Deur die beter bestuur van hierdie voorsieningsketting sal VKB uiting gee aan sy strategie om produsente te ondersteun om meer effektief en winsgewend te boer.

#### Farmpack (Pty) Ltd ("Farmpack")

As deel van die groeistrategie het VKB Landbou belange in twee verpakkingsbesighede bekom, naamlik Farmpack en Logic Line Distributors BK ("Logic Line").

Farmpack en Logic Line is beide besighede wat verpakkingsmateriaal verskaf aan die landbou- sowel as die nywerheidsektore.

Farmpack vervaardig 'n wye reeks gedrukte sowel as ongedrukte kartondose. Hierdie reeks sluit in handvoukartonne (selfsluitkartonne), sowel as kartonne wat by oprigtingsentrums vir die boere gegom word. Riffelkartonverpakking is Farmpack se kernbesigheid.

Logic Line word as divisie van VKB Landbou bedryf en verskaf 'n uitgebreide reeks binneverpakkingsmateriaal wat benodig word om kliënte se produkte te verpak.

Farmpack en Logic Line is diensgedrewe besighede wat daarop fokus om produkte te verskaf wat waarde toevoeg tot die gewas wat deur hulle kliënte verbou of geproduseer word.

# NYWERHEDEVERSLAG

## VKB AGRI PROCESSORS (PTY) LTD

### STRATEGIESE DOELWIT

VKB Beleggings (Edms.) Bpk. se Direksie het in 2010 'n besluit geneem om verder in die waardeketting te integreer. Die fokus is om waarde toe te voeg tot die produkte wat in die VKB/NTK-gebied geproduseer word.

| VKB Agri Processors (Pty) Ltd houermaatskappy | 10 Entiteite | 600 000 ton se produkte word jaarliks deur entiteite verwerk |
|---|---|---|

**Primêre produkte wat dit insluit:**

- Geelmielies
- Witmielies
- Sojabone
- Koring
- Hoender

Die VKB Agri Processors Groep het 'n teleurstellende jaar beleef waartydens die meeste van die nywerhede se marges onder druk gekom het weens hoë grondstofpryse. Die jaar het ook uitsonderlike wisselkoers- en grondstofskommelings beleef wat die prysingsbesluite vir die nywerhede bemoeilik het. Die jaar het begin met die naskok van "Nenegate" en in Maart 2016 het die Suid-Afrikaanse rand teen R15,80 teenoor die Amerikaanse dollar verhandel, waarna dit geleidelik herstel het tot R12,90 gedurende Februarie 2017. Dit het die grondstofpryse skerp laat daal gedurende die tweede helfte van die jaar.

Die aanvanklike vrees oor die beskikbaarheid van mielies het nie gerealiseer nie weens goeie invoere, maar die meeste van die nywerhede was reeds teen hoër pryse geprys tot einde Maart 2017.

Die Groep het die jaar afgesluit met 'n verlies van R122 miljoen. Die grootste bydraende faktor was die swak prestasie van Grain Field Chickens (Pty) Ltd, maar ook gevestigde nywerhede soos VKB Milling (Pty) Ltd het nie na wense presteer nie.




SAS KASSELMAN

# NYWERHEDEVERSLAG (VERVOLG)

## VKB AGRI PROCESSORS (PTY) LTD

Die struktuur van hierdie vertakking sien soos volg daar uit:




## MARKOORSIG

### VKB Milling (Pty) Ltd ("VKB Milling")

VKB Milling het 'n swak jaar beleef na uitstekende prestasie gedurende die vorige vier jaar. Die besluit om fisiese voorraad te verseker en die prys vas te maak vroeër in die seisoen het negatiewe resultate gelewer in die laaste kwartaal, wat die maatskappy in 'n verlies laat eindig het.

Die hertoetrede van een van die groter mededingers in Limpopo gedurende die tweede kwartaal van die jaar het ook bygedra tot die swakker prestasie. Die mededinger was in 'n goeie posisie om goedkoper mielies in te koop en het marges onder druk geplaas. Die nuwe seisoen se vooruitsigte vertoon beter met laer mieliepryse.

Ook NTK-Venda Roller Mills (Pty) Ltd het 'n swak jaar beleef en het die jaar op 'n verlies afgesluit weens dieselfde redes as VKB Milling. Hoë grondstofpryse gedurende die laaste kwartaal het die wins van die eerste gedeelte van die jaar uitgewis tot 'n verlies op jaareinde.

### Grain Field Chickens (Pty) Ltd ("GFC")

GFC het 'n baie teleurstellende jaar beleef, waartydens die hoë grondstofkoste en die mark se onvermoë om die koste deur te gee, 'n onhoudbare situasie in die totale Suid-Afrikaanse hoenderbedryf geskep het. Die onvermoë om die nodige prysstygings in die mark te realiseer, word hoofsaaklik veroorsaak deur 'n ooraanbod in die mark wat deur die besondere hoë invoere vanaf veral Europa aangevuur word.

Europa se aanvraag na hoofsaaklik borsvleis skep 'n wanbalans van porsie-aanbieding in Europa. Die wit vleis word teen baie goeie marges verkoop en die bruin vleis word dan as 'n afvalproduk hanteer, wat na Suid-Afrika uitgevoer word teen pryse wat laer as plaaslike produksiekoste is. Hierdie subsidiëring van sekere snitte veroorsaak 'n totaal ongelyke speelveld in Suid-Afrika en plaas die voortbestaan van die hoenderbedryf en afhanklike industrieë onder druk.

Na verskeie gesprekke het die regering 'n taakgroep aangestel wat die situasie ondersoek en saam met die bedryf werk om oplossings te vind vir 'n groot aantal werkgeleenthede wat verlore gegaan het in die bedryf gedurende die jaar.

Die vooruitsig vir die nuwe jaar vertoon egter beter, met moontlike beter ondersteuning vanaf die regering, asook verlaagde grondstofkoste wat die industrie tot winsgewende vlakke kan laat verbeter.

### Nu-Pro Groep

Beide Nu-Pro Voere (Edms.) Bpk. en Nu-Pro Commodities (Pty) Ltd het 'n swak jaar beleef na die vorige jaar waartydens uitsonderlike finansiële prestasies behaal is. Dit is ook hoofsaaklik die resultaat van aankoopbesluite geneem na aanleiding van die mark se vroeëre hoogtepunte, waarna dit teruggesak het en gedurende die laaste kwartaal die marges onder druk geplaas het.

### TripleV Animal Feeds (Pty) Ltd ("TripleV")

Die veevoerfabriek het 'n gemiddelde prestasie gelewer met 'n klein wins. Die fabriek voorsien hoofsaaklik voer aan GFC se kontrakgroeiers. Met die swak ekonomiese omstandighede wat die hoenderbedryf gedurende die

jaar beleef het, het GFC 'n afslag met van die verskaffers beding, insluitend TripleV. Dit het uiteraard 'n invloed op TripleV se prestasie gehad en om ten spyte van die afslag positiewe resultate te behaal, is prysenswaardig.

### Free State Oil (Pty) Ltd ("FSO")

FSO beleef ook 'n jaar van skerp kontraste. Na 'n baie goeie begin vir die jaar veroorsaak die markskommelinge dat 'n aanvanklike goeie wins omkeer in 'n verlies teen jaareinde. Operasioneel het die maatskappy baie goed gevaar gedurende die jaar en die fabriek het meer as 120 000 ton sojabone gedurende die jaar verwerk, wat die beste produksieprestasie tot op hede is. Die blootstelling aan internasionale markpryse en wisselkoersskommelinge het veroorsaak dat dit 'n moeilike jaar was, waartydens Suid-Afrikaanse graan op 'n hoogtepunt en internasionale pryse op 'n sewejaarlaagtepunt verhandel het. Dit plaas marges onder druk wanneer duur plaaslike grondstof meeding met laekoste internasionale, ingevoerde produk.

### VKB Flour Mills (Pty) Ltd ("VKB Flour Mills")

VKB het gedurende Julie 2015 by hierdie entiteit betrokke geraak. Die afgelope jaar is intensiewe fokus daarop geplaas om die besigheidsmodel meer winsgewend te maak. 'n Strategiese besluit is derhalwe geneem om minder afhanklik te wees van die pryssensitiewe kleinhandelsmark en groter fokus te plaas op voorsiening aan bakkerye. Die bakkerymark is meer kwaliteitgedrewe en indien die regte kwaliteit gelewer word, is die mark nie so wisselvallig soos die kleinhandelsmark nie.

Die Frankfort Bakkery het weer 'n goeie prestasie gelewer en die strategie om, soos al die groter rolspelers, 'n groter direkte belang in bakkerye te bekom om meelverkope te verseker, vorder ook goed. Die bakkerymark op sy eie is ook 'n winsgewende industrie. Drie nuwe bakkerye is aangekoop gedurende die jaar en toon goeie potensiaal.

### Nuwe ontwikkelings

Gedurende 2016 is 'n konsepwinkel, naamlik VKB Foods, in Sasolburg geopen. Die konsep behels dat dit as 'n fabriekswinkel gebruik word om al die produkte wat deur VKB Agri Processors Groep vervaardig word, direk aan die publiek te bied. 'n Tweede winkel is geopen in Bethlehem gedurende Oktober 2016. Goeie volumeverkope vind plaas deur die winkels en indien die konsep verder verfyn word, kan dit in die toekoms 'n goeie afsetkanaal vir VKB-produkte word.

### PAD VORENTOE

Na sterk groei gedurende die afgelope vier jaar fokus die VKB Agri Processors Groep nou op konsolidasie en om al die besighede winsgewend te kry deur effektiewe prosesse, handelsmerkontwikkeling en optimalisering van die bemarkingskanaal.



# KORPORATIEWE BEHEERVERSLAG




RINA ERASMUS

## VERBINTENIS TOT KORPORATIEWE BEHEER

Die VKB Groep is verbind tot verantwoordelike korporatiewe burgerskap en effektiewe korporatiewe beheer. Ten einde hieraan uitvoering te gee, onderskryf die Direksie (van VKB Beleggings [Edms.] Bpk. ["VKB"]) die aanbevelings van die King Kodes vir Korporatiewe Beheer, wat gebaseer is op die beginsels van deursigtigheid, integriteit, volhoubaarheid, billikheid en verantwoordbaarheid. Hierdie beginsels vorm dan ook die basis van die VKB Groep se Etiese Gedragskode.

Die Direksie is die fokuspunt van die besigheid se korporatiewe beheer en is verantwoordelik teenoor alle belanghebbendes vir die bedryf en prestasie van die besigheid. 'n Korporatiewe kultuur van nakoming van wetgewing, beleid en prosedure is binne die Groep gevestig. Die Direksie het 'n Rapporteringsbeleid om wanpraktyke te identifiseer, korrupsie en diefstal teen te werk en persone te beskerm wat ongerymdhede rapporteer.

King Kode IV is amptelik op 1 November 2016 vrygestel. King Kode IV is verkort en duideliker gestel en bevat slegs 17 beginsels teenoor King Kode III se 75. Die ses bestuursuitkomste ("governance outcomes") is Etiese Kultuur, Prestasie en Waardeskepping, Voldoende en Effektiewe Beheer, Vertroue, Goeie Reputasie, en Legitimiteit. King Kode IV sal van toepassing wees op alle entiteite op die basis van "apply and explain" (teenoor "apply or explain" in King Kode III) en sal in die toekoms verslag gedoen word in hierdie verband.

In die King Kode IV is 'n klemverskuiwing na holistiese en geïntegreerde denke, bestuur en verslagdoening waarneembaar en fokus word deurgaans geplaas op belanghebbendes en op deursigtigheid en openbaarmaking. Die "triple context" (ekonomie, samelewing en omgewing) word geïntegreer binne die "six capitals" ("financial, manufactured, intellectual, human, social and relational, and natural capital"). Die Beheerliggaam vorm die kern en sy verantwoordelikhede is geskoei op strategie, beleid, oorsig en openbaarmaking. Groot klem word geplaas op die rol en verantwoordelikhede van die Beheerliggaam (Direksie in VKB se geval), sy samestelling, kwalifikasies, pligte en verantwoordelikhede.

## DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Gedurende die oorsigperiode het die Direksie uit 13 nie-uitvoerende direkteure en twee uitvoerende direkteure bestaan. Van die nie-uitvoerende direkteure word 12 deur aandeelhouers van die betrokke wyke genomineer en verkies (Vrystaat - nege en Limpopo - drie). Een derde van die wyksdirekteure roteer elke jaar. Die Nominasiekomitee is behulpsaam met die identifisering van geskikte kandidate om as wyksdirekteure verkies te word en om te verseker dat die Direksie oor die nodige kundigheid beskik.

Na die aftrede van 'n direkteur van die Limpopo-streek (mnr. PJ Jacobs), en in ooreenstemming met die Direksie se strategie om die Raad van Direkteure met verloop van tyd natuurlik te verklein, is besluit om nie hierdie vakature te vul nie. Weens die verstryking van termyne het vakatures ook in Wyke 2, 4 en 6 ontstaan. Nominasies is aangevra en mnr.

DJ Kriek is onbestrede genomineer vir Wyk 6 en deur die Direksie as verkose verklaar vir 'n verdere ampstermyn van drie jaar. Die wyksverkiesings in Wyke 2 en 4 het gedurende Augustus 2016 plaasgevind en mnre. DP Viljoen en ID Bosman is onderskeidelik verkies as direkteure. Mnr. GJ Nel is deur die Direksie gekoöpteer as onafhanklike, nie-uitvoerende direkteur. Mnre. JF Janse van Rensburg, Besturende Direkteur: VKB Groep, en MJ Mittermaier, Uitvoerende Direkteur: Finansies VKB Groep, dien as uitvoerende direkteure op die Direksie.

Die indeling van die wyke word in die Direkteursverslag aangetoon.

Op die eerste vergadering van die Direksie wat ná elke Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers gehou word, of soos nodig, kies die direkteure uit hul geledere 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter. Vir die oorsigjaar is mnr. PG Carshagen as Voorsitter en mnr. CF Fick as Ondervoorsitter verkies.

Die balans binne die Direksie is gesond en die rol van die Voorsitter is geskei van dié van die Besturende Direkteur. Die Voorsitter is verantwoordelik vir leierskap binne die Direksie en fasiliteer konstruktiewe skakeling tussen die Direksie, Bestuur en belanghebbendes. Die Besturende Direkteur is primêr verantwoordelik vir leiding aan Bestuur met die implementering van strategieë en die bedryf van die besigheid.

## PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die pligte en verantwoordelikhede van die Direksie is vervat in wetgewing en VKB se Direkteurshandves. Die Direksie bepaal die besigheid se strategie en is verantwoordelik om die Groep te lei ten einde uitvoering te gee aan hierdie strategie en die gepaardgaande bedryfsdoelwitte. Die Direksie monitor deurgaans die prestasie van die besigheid teenoor gestelde doelwitte, vorige jare en waar van toepassing, die industrie. Die Direksie monitor ook deurgaans die solvabiliteit en likiditeit van die Groep en die individuele entiteite.

Dit is die verantwoordelikheid van Uitvoerende Bestuur om die besluite van die Direksie te implementeer. 'n Besluitnemingsraamwerk deur die Direksie goedgekeur, delegeer sekere bevoegdhede en magte aan Bestuur. Die Direksie is voorts verantwoordelik om te verseker dat die maatskappy optree soos, en gesien word as, 'n verantwoordelike korporatiewe burger wat die volhoubaarheid van die maatskappy, gemeenskap en natuurlike omgewing beskerm en uitbou, en gegrond is op 'n etiese korporatiewe kultuur.

Aan die einde van elke jaar doen die Direksie 'n volledige jaarbeplanning vir die daaropvolgende jaar. Die Direksie vergader ten minste vier keer per jaar en addisionele vergaderings word geskeduleer indien nodig. Die Direksie verseker voorts dat voldoende geskeduleerde vergaderings gehou word ten einde uitvoering te gee aan sy pligte en verantwoordelikhede.

Tussen geskeduleerde vergaderings hou Bestuur die Direksie op hoogte van belangrike verwikkelinge wat die besigheid raak. Die direkteure het onbeperkte toegang tot alle inligting, rekords en hulpbronne van die besigheid ten einde uitvoering te gee aan hulle verantwoordelikhede.

## ONAFHANKLIKHEID VAN DIREKSIE

Van direkteure word verwag om objektief en onafhanklik op te tree in die uitvoering van hulle pligte. 'n Direkteur van VKB wat in 'n ander hoedanigheid as direkteur, lid, geaffilieerde lid of behoorlik gemagtigde agent van VKB 'n belang het by 'n voorgestelde kontrak wat VKB oorweeg om aan te gaan, of 'n belang by 'n kontrak bekom nadat dit deur VKB aangegaan is, moet volle besonderhede betreffende die aard en omvang van sy belang bekend maak en mag nie ten opsigte van sodanige kontrak of voorgestelde kontrak met VKB, of 'n aangeleentheid wat daaruit voortspruit, stem nie en indien hy aldus stem, word sy stem nie getel nie. Die Direksie benoem jaarliks direkteure om op die direksies van filiale en ander ondernemings waarby die maatskappy 'n belang het, te dien. Direkteurskappe en belange verklaar deur direkteure word in 'n register aangeteken wat vir hierdie doel bygehou word.

## EVALUASIE EN OPLEIDING VAN DIREKTEURE

'n Formele evaluasie van die Direksie word jaarliks gedoen. Die resultate word ontleed en indien tekortkominge geïdentifiseer word, word dit toepaslik aangespreek. Die Direksie evalueer deurlopend sy eie prestasie sowel as die prestasie van komitees en individuele direkteure.

Vanweë die omvattende verantwoordelikhede van direkteure, word die Direksie deurentyd op hoogte gebring van nuwe wetgewing en verwikkelinge wat die besigheid raak. Die Direksie het gedurende die oorsigtydperk opleiding oor relevante wetgewing en korporatiewe beheer ontvang.

## KOMITEES

Die Direksie het die volgende komitees gevestig om effektiewe besluitneming te fasiliteer en om die Direksie en Bestuur by te staan in die uitvoering van hulle pligte en verantwoordelikhede:

- Oudit- en Risikokomitee ("Ouditkomitee")
- Menslike Hulpbronnekomitee
- Nominasiekomitee
- Sosiale en Etiekkomitee
- Limpopo Advieskomitee
- Graanbedryf Advieskomitee
- Inligtingstegnologie Uitvoerende Bestuurskomitee

Die komitees funksioneer volgens goedgekeurde verwysingsraamwerke wat van tyd tot tyd deur die Direksie hersien word. Tensy daartoe gemagtig deur wetgewing, het die komitees nie besluitnemingsbevoegdheid nie en maak slegs aanbevelings aan die Direksie. Die voorsitters en lede van die onderskeie komitees word deur die Direksie verkies na gelang van hul kundigheid op 'n spesifieke terrein. Die onderskeie voorsitters hou die beraadslagings en aanbevelings van die komitees aan die Direksie voor.

## AANDEELHOUDING

VKB word besit deur sy nagenoeg 4 141 aandeelhouers, waarvan ongeveer 1 050 produsente in die Limpopo-gebied is. Die maatskappy volg 'n unieke aansporingskortingsmodel waarvolgens voorkeuraandele en skuldbriewe jaarliks aan kliënte toegeken word in verhouding tot die besigheid wat hulle met VKB Landbou en sekere filiale doen.

## RISIKOBESTUUR EN VOLHOUBAARHEID

Die maatskappy bestuur sy risiko's op 'n proaktiewe grondslag. 'n Geskeduleerde program van risikobeoordeling word jaarliks gevolg, waartydens risiko's gekwantifiseer, geprioritiseer en in 'n Risikobestuursplan vervat word.

Die Direksie bepaal die risiko-aptyt van die maatskappy. Alhoewel die verantwoordelikheid vir die ontwikkeling, implementering en beoordeling van die Risikobestuursplan aan Bestuur gedelegeer is, keur die Direksie die Risikobestuursplan goed en is dit sy verantwoordelikheid om te verseker dat die plan formeel gedokumenteer word. Die Ouditkomitee evalueer die effektiwiteit van die plan op 'n deurlopende basis, kontroleer die implementering en nakoming daarvan en gee terugvoer aan die Direksie. Bestuur gee ook voortdurend aandag aan risikobestuur en dit vorm 'n staande item op die agenda van bestuursvergaderings. Die Interne Oudit-afdeling vervul 'n kritiese rol in die onderneming se interne beheer en risikobestuur.
Die volhoubaarheid van die VKB Groep bly die belangrikste aspek van die Direksie se verantwoordelikhede. Die

# KORPORATIEWE BEHEERVERSLAG (VERVOLG)

Direksie het 'n langtermynstrategie aanvaar ten einde hieraan uitvoering te gee. Volhoubaarheidsinligting word voortdurend aan die Direksie verskaf en krities beoordeel ten einde te verseker dat die voorwaartse inligting 'n behoorlike begrip verskaf van die sleutelaandrywers wat die maatskappy in staat sal stel om sy doelwitte te behaal, dat die inligting betroubaar is en dat geen teenstrydighede met die geopenbaarde finansiële inligting voorkom nie.

## NAKOMING VAN WETGEWING

Die Direksie neem verantwoordelikheid vir die nakoming van alle toepaslike wetgewing en regulatoriese vereistes. Die Regsafdeling gee deurlopend aandag aan die kritieke regulatoriese risiko-areas as deel van die gevestigde risikobestuursproses. Deurlopende bewusmaking, opleiding en skakeling tussen die afdelings rakende nakoming van wetgewing vind plaas en gerusstelling word aan die Direksie voorsien deur middel van die komiteestrukture.

## INLIGTINGSTEGNOLOGIE ("IT")

As 'n integrale deel van die risikobestuursraamwerk verseker die Direksie die aktiewe bestuur van die IT-beheerraamwerk deur 'n span kundige IT-personeel en -spesialiste. Ten einde uitvoering te gee aan die voorskrifte van die King Kode vir Goeie Korporatiewe Beheer, is 'n Inligtingstegnologie Uitvoerende Bestuurskomitee op die been gebring wat ten doel het om:

- Uitvoering te gee aan die Direksie se strategie en goedgekeurde beleide en prosedures met betrekking tot die bestuur van tegnologie en inligting.
- Verslag te doen aan die Direksie ten einde uitvoering te gee aan sy oorsigfunksie oor die toereikendheid en effektiwiteit van tegnologie en inligtingsbestuur binne die organisasie.
- Verslag te doen aan die Direksie ten einde uitvoering te gee aan sy oorsigfunksie oor die bestuur van kubersekuriteit.

IT-bestuur is ook 'n staande punt op die agenda van die Ouditkomitee en die hersiening van IT-verwante kontroles is in die Interne Ouditplan ingesluit. Uitgebreide besigheids- en IT-rampherstelprosesse is reeds gevestig.

## SOLVABILITEIT EN LIKIDITEIT

Die Direksie, met die hulp van die Ouditkomitee, monitor deurgaans die solvabiliteit en likiditeit van die individuele entiteite en die Groep, met inagneming van beskikbare inligting en alle redelik voorsienbare finansiële omstandighede van die maatskappy en die Groep. Hierdie omstandighede sluit in of die maatskappy(e) se bates die laste oorskry op 'n gegewe tydstip en of die maatskappy(e) in staat sal wees om hulle verpligtinge na te kom wanneer dit in die gewone loop van besigheid verskuldig word vir 'n tydperk van twaalf maande ná die datum waarop die toets oorweeg word.

## VERHOUDING MET BELANGHEBBENDES

Verskeie kanale reguleer die kommunikasie, verhoudings en skakeling van VKB met sy belanghebbendes, wat insluit aandeelhouers, werknemers, kliënte, verskaffers, die gemeenskap en die regering. VKB se webtuiste, **www.vkb.co.za**, en tweemaandelikse tydskrif, *Die Pad Saam*, sowel as 'n massa-SMS-diens en boodskappe op state, word onder meer gebruik as skriftelike kommunikasiemedia.

Die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers word deur 'n reeks inligtingsvergaderings in die Vrystaat- en Limpopo-bedieningsgebiede voorafgegaan, waartydens aandeelhouers op hoogte gebring word van verwikkelinge binne die besigheid.

VKB beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die Groep se Skakelbeampte.

## VERKLARING VAN DIREKSIE

Die Direksie erken sy verantwoordelikheid om die integriteit van die jaarverslag te verseker. Die Direksie het die jaarverslag dienooreenkomstig oorweeg en is van mening dat die jaarverslag al die wesenlike aspekte aanspreek en 'n billike weergawe is van die geïntegreerde prestasie van die besigheid en sy impakte.

Die jaarverslag is in alle wesenlike opsigte voorberei ooreenkomstig goeie praktyk voortspruitend uit die aanbevelings van die King Kodes. Die Direksie magtig hiermee die uitreiking van die jaarverslag.



Adv. SC Erasmus (mev.)
**Groep Maatskappysekretaris**

# SOSIALE EN ETIEKKOMITEEVERSLAG

Hierdie verslag inkorporeer die statutêre verantwoordelikhede van Sosiale en Etiekkomitees, soos vervat in Artikel 72 van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008. Hierdie komitee het as die Sosiale en Etiekkomitee opgetree vir entiteite binne die VKB Groep ("VKB").

## SAMESTELLING

Die komitee bestaan uit ten minste drie direkteure of voorgeskrewe beamptes waarvan ten minste een direkteur nie-uitvoerend is, welke direkteur nie 'n uitvoerende direkteur van die maatskappy was gedurende die vorige drie finansiële jare nie. Die Raad van Direkteure kan van tyd tot tyd kundiges tot die komitee koöpteer of as lede van die komitee aanstel. Gedurende die oorsigtydperk het die komitee uit vier nie-uitvoerende direkteure bestaan, naamlik mnre. DJ Kriek, G Steyn, JH du Preez en GF Bester. Die Voorsitter van die Direksie, die Besturende Direkteur: VKB Groep en ander lede van Uitvoerende Bestuur woon ook die vergaderings by. Die Voorsitter woon die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers by en rapporteer oor die komitee se bedrywighede.

## MANDAAT EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die komitee is gestig ooreenkomstig die voorskrifte van Regulasie 43 van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008, en voer sy pligte en verantwoordelikhede daarvolgens uit. Daarbenewens het die komitee ook verantwoordelikhede ten opsigte van korporatiewe beheer soos deur die Direksie gedelegeer aan die komitee.

Ten opsigte van sy mandaat moet die komitee die maatskappy se aktiwiteite monitor, met inagneming van relevante wetgewing, ander wetlike vereistes en/of toepaslike kodes van beste praktyk met betrekking tot aangeleenthede wat verband hou met:

1) Sosiale en ekonomiese ontwikkeling en bemagtiging, insluitend die Wet op Gelyke Indiensneming en die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging ("SEB").
2) Goeie korporatiewe burgerskap, insluitend die maatskappy se:
   a) Bevordering van gelykheid, voorkoming van onbillike diskriminasie en uitskakeling/vermindering van korrupsie.
   b) Bydrae tot ontwikkeling van die gemeenskappe waarin die maatskappy sy bedrywighede beoefen of sy produkte of dienste bemark.
   c) Rekord van borgskappe, donasies en welsynsbydraes.
3) Die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid, insluitend die impak van die maatskappy se bedrywighede en die impak van sy produkte of dienste.
4) Verhoudings met verbruikers, insluitend die maatskappy se bemarking, openbare betrekkinge en nakoming van Verbruikerswetgewing.
5) Arbeid en werkverrigting, insluitend:
   a) Die maatskappy se posisie ten opsigte van die *International Labour Organisation Protocol* oor goeie werk en werkomstandighede.
   b) Die maatskappy se verhoudings binne die werkplek en sy bydrae tot die opvoedkundige ontwikkeling van sy werknemers.
   c) Insette oor VKB se Vergoedingsbeleid.

## VERSLAG

Die komitee, tesame met die Direksie en ander komitees, het alle pligte en verantwoordelikhede, soos hierbo uiteengesit, uitgevoer. Die volgende aspekte is gemonitor:

## SOSIALE EN EKONOMIESE ONTWIKKELING

### Sosio-ekonomiese ontwikkeling

VKB en Grain Field Chickens (Pty) Ltd ("GFC") lewer 'n daadwerklike bydrae tot die verbetering van die lewensgehalte van die gemeenskappe waarin hulle bedrywighede beoefen word, deur vaardigheids-, besigheids- en sportontwikkelingsprogramme. Een aspek hiervan is die bedryf van verskeie suksesvolle projekte ter ondersteuning van opkomende produsente. VKB is ook betrokke by die regering se herkapitaliserings- en ontwikkelingsprojekte. Gedurende die afgelope jaar het VKB talle opkomende produsente ondersteun met die verbouing van, onder meer, somergewasse. VKB bied aan hierdie produsente deurlopende advies, finansiële ondersteuning en mentorskap met die doel om van hulle volwaardige kommersiële produsente te maak. Finansiering van opkomende boere het tot R20,5 miljoen toegeneem sedert die vorige jaar, terwyl totale finansiering R29 miljoen beloop het (beide opkomende en kommersiële boere). Beide die provinsiale en nasionale regering, asook verskeie ander ontwikkelingsdeelgenote, ondersteun VKB se pogings in hierdie verband. Opkomende produsente is ook in samewerking met die regering met groot sukses by die braaikuikenprojek betrek. Kontraktering met die Jobs Fund het in Maart 2017 plaasgevind en die eerste toelaag van R6,2 miljoen is op 15 Maart 2017 ontvang. Meganisasie-opgradering is gedoen en 34 hektaar aspersies is aangeplant.

### Borgskappe, donasies en welsynsbydraes

Die besigheid beskik oor 'n Korporatiewe Maatskaplike Investeringsbeleid waarvolgens begroot word vir projekte wat 'n daadwerklike, positiewe impak op die gemeenskappe in sy bedieningsgebiede het. Gedurende die oorsigjaar het die besigheid R6 040 000 aan vaardigheidsontwikkeling, maatskaplike bystandsprogramme en sportontwikkeling spandeer. 1 342 werknemers het opleiding ontvang gedurende die oorsigtydperk.

Gedurende die oorsigjaar het VKB R692 000 in borgskappe vir skole belê. VKB is ook die naamborg van verskeie rugbyweke in die Oos-Vrystaat, asook 'n krieketweek, 'n munisipale sokkerliga en is die hoofborg van die VKB Knights Krieketspan, wat as korporatiewe bemarkingsgeleentheid tans in die tweede jaar van die driejaarkontraktermyn is.

Die Groep is by talle feeste in sy bedieningsgebiede betrokke en aangesien die handelstakke die feeste ook as belangrike bemarkings- en netwerkgeleenthede gebruik, belê VKB ook daarin. In baie gevalle is die VKB-borgskap ook van kritiese belang vir die voortbestaan van die feeste en is dit ook 'n bydrae wat die Groep maak om die geleenthede vir die onderskeie gemeenskappe behoue te laat bly.

VKB is die naamborg van die Reitz Bieliemieliefees en is ook betrokke by die ontwikkeling van die advertensiemateriaal en sosiale media-aksies. VKB se Bemarkingsdepartement hanteer hierdie projek. Die Groep se betrokkenheid voeg op hierdie wyse waarde toe vir die mense van die streek.

# SOSIALE EN ETIEKKOMITEEVERSLAG (VERVOLG)

Die borgskap as hoofborg beloop R150 000. Die maatskappy het gedurende die oorsigjaar 'n addisionele R46 147 in borgskappe van skoue en feeste belê. Die feeste dien ook as 'n forum om VKB se gebied vir moontlike toekomstige beleggers te bemark. VKB is ook aktief betrokke by Vrystaat Landbou. Gedurende die oorsigjaar is R364 800 ten bate van hulle Veiligheidsfonds ingesamel, waarvan VKB R50 000 bygedra het. Voorts het die Groep ondersteuning aan Vrystaat Landbou se jaarlikse kongres en Jongboer van die Jaar-kongres verleen.

Die Oos-Vrystaat Griffons Rugbyspan, asook alle Griffons-skeidsregters, word deur VKB geborg. Blootstelling word verkry deur die VKB-handelsmerk wat prominent op rugbytruie verskyn.

Die Groep ondersteun ook 'n verskeidenheid ander instansies in die landboubedryf deur kongresse te borg. In hierdie verband is R249 751 gedurende die oorsigjaar bewillig.

Voorts word borgskappe/bemarkingsaksies/skoue en boeredae in Limpopo ondersteun deur bydraes van verskaffers wat sekere inisiatiewe ondersteun en gedurende die afgelope finansiële jaar tot datum is R306 970 deur verskaffers geskenk.

Wyksdirekteure van VKB is ook aktief in hul onderskeie streke betrokke om behoeftige en verdienstelike instansies te ondersteun. Dit behels borgskappe van verskeie sportverenigings en -klubs, ouetehuise, skole, asook verskeie welsynsorganisasies, soos onder meer KANSA- en OVV-projekte. Die totale investering tydens die oorsigjaar het R244 976 beloop. Ondersteuning aan boereverenigings het R101 985 beloop.

In die Limpopo-gebied is 'n totale bedrag van R3 504 874 gedurende die oorsigjaar bewillig vir borgskappe, donasies en welsynsbydraes.

Borgskappe vir SEB-inisiatiewe het R126 127 beloop.

GFC het gedurende die oorsigjaar R29 900 aan borgskappe vir sportspanne, aankoop van sporttoerusting, donasies en afslag spandeer en R8 500 bygedra tot SEB-borgskappe.

## WET OP GELYKE INDIENSNEMING

Die entiteite binne die VKB Groep rapporteer jaarliks aan die Departement van Arbeid in hierdie verband. 'n Plan met doelwitte word jaarliks opgestel en deur die Direksie goedgekeur, waarna dit by die Departement van Arbeid ingedien word.

Gedurende die afgelope jaar is die gestelde doelwitte bereik en dienooreenkomstig vordering gemaak. Die VKB Groep en GFC voldoen aan die wetgewing en wend daadwerklike pogings aan om ook in die toekoms vordering in hierdie verband te maak.

## WET OP SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

VKB Landbou (Edms.) Bpk. is gedurende die oorsigjaar as 'n vlak 8-bydraer geklassifiseer en GFC as 'n vlak 7-bydraer. Voortdurende en volgehoue pogings word aangewend om op hierdie gebied vordering te maak. Vanweë die maatskappye se investering in vaardigheidsontwikkeling en sosio-ekonomiese ontwikkeling, het die maatskappye reeds gedurende die oorsigjaar die maksimum punte op hierdie pilare verdien. Volgens die nuwe AgriSEB Kode is die elemente verminder van sewe na vyf, waarvan drie prioriteitselemente is waarop besighede 'n subminimum moet behaal om nie gepenaliseer te word met een of meer vlakke nie.

Beide VKB Landbou (Edms.) Bpk. en GFC se doelwitte vir 2017/18 is om as 'n vlak 6-bydraer geklassifiseer te word. Die vereiste aksieplanne ten opsigte van die verskillende pilare word hiervoor in plek gestel.

## GOEIE KORPORATIEWE BURGERSKAP

### Etiese Gedragskode

Die Groep beskik oor 'n Etiese Gedragskode wat deurgaans aan personeel gekommunikeer word. Hierdie kode onderskryf die beginsels waarvolgens die Groep sy besigheid bedryf. Gesonde verhoudings met alle belanghebbendes word nagestreef. Die Direksie is voorts tevrede dat voldoende en toepaslike oorweging deurgaans binne die besigheid aan die erkenning van menseregte, billike arbeidspraktyke, die omgewing en die bekamping van korrupsie gegee word.

Laasgenoemde word voldoende en op 'n toepaslike wyse binne die besigheid aangespreek deur:

- Eksterne kommunikasie (byvoorbeeld die Jaarverslag) om deursigtigheid van die besigheid se aktiwiteite te bevorder
- Voldoende interne beheermaatreëls
- Toepaslike rekeningkundige praktyke
- Onafhanklike eksterne oudit
- Rapporteringsbeleid ("Whistle blowing")

### Beleide

Die komitee het, onder meer, die toepassing van die volgende beleide binne die besigheid gemonitor:

- Rapporteringsbeleid
- Aankoop- en Tenderbeleid
- Omgewingsbeleid
- Beroepsgesondheids- en -veiligheidsbeleid
- Korporatiewe Maatskaplike Investeringsbeleid
- Vergoedingsbeleid

### Aankope

Die maatskappy volg 'n Aankoop- en Tenderbeleid wat eerlike, deursigtige en prysmededingende aankoopprosesse voorskryf, met spesifieke maatreëls vir die voorkoming van korrupsie en bedrog.

## DIE OMGEWING, GESONDHEID EN OPENBARE VEILIGHEID, INSLUITEND DIE IMPAK VAN DIE MAATSKAPPY SE BEDRYWIGHEDE EN DIE IMPAK VAN SY PRODUKTE OF DIENSTE

Die maatskappy beskik oor 'n Omgewingsbeleid waarvolgens die VKB Groep tot die beskerming van die omgewing en die vermindering van die impak van die Groep se aktiwiteite op die omgewing verbind is. Dit sluit, onder meer, energiedoeltreffendheid, afvalbeheer, herwinning en die effektiewe aanwending van hulpbronne in. Voorts voldoen die besigheid aan die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid en die nodige beleide en kodes word in hierdie verband nagekom.

### Energiebestuur

As deel van 'n volhoubare omgewingstrategie verbind VKB homself tot verantwoordelike energiebestuur en die deurlopende verbetering van sy energieprestasie. Die hoofdoel hiervan is om kostes te verminder, omgewingsimpak te verlaag, optimalisering van winsgewendheid, versterking van VKB se kompeterende posisie en die ondersteuning van gemeenskappe waarvan VKB deel is.

Die maatskappy het 'n Energiebestuursbeleid aangeneem ten einde energieverbruik te kontroleer, koste-effektiwiteit, produktiwiteit en werkomstandighede te verbeter en om die omgewing te beskerm. 'n Energiebestuursplan is geïmplementeer om effek te gee aan die beleid se lang-, medium- en korttermyndoelwitte, sowel as die wyses waarop die doelwitte bereik sal word en die ondersteuning en hulpbronne wat benodig word om effek te gee aan die plan.

Energiebesparingsprojekte wat afgehandel is gedurende die afgelope jaar sluit 'n fotovoltaïese sonkragsisteem by VKB se Hoofkantoor in, asook vervanging van toerusting vir kragfaktorregstelling by verskeie nywerhede. 'n Sisteem vir aanlyn-elektrisiteitsmeting is geïnstalleer om beter insig en gedetailleerde data te verskaf van elektrisiteitsverbruik deur kleinhandelsafsetpunte, silo's en agri-prosesseringsaanlegte in die VKB-gebied. Die data verkry uit hierdie sisteem word in verslae saamgestel en maandeliks bestudeer vir energiebesparingsgeleenthede. Die totale kostebesparings wat hierdeur gerealiseer sal word gedurende die eerste jaar beloop R812 000.

## ARBEID EN WERKVERRIGTINGE ("LABOUR AND EMPLOYMENT")

Die maatskappy ondersteun die beginsels van die *International Labour Organisation Protocol* met betrekking tot goeie werk en werkomstandighede, wat die volgende beginsels voorstaan:

- Vryheid van assosiasie en erkenning van die reg tot kollektiewe bedinging
- Vermyding van alle vorme van gedwonge arbeid
- Verbod op kinderarbeid
- Vermyding van alle vorme van diskriminasie

Voorts streef die besigheid daarna om gesonde verhoudings binne die werkplek te bevorder. Die VKB Groep investeer in die opvoedkundige ontwikkeling van sy werkmag en het gedurende die oorsigjaar R6 040 000 spandeer aan die opleiding van personeel (1 342 werknemers het formele opleiding ontvang). Die maatskappy het ook 'n gevestigde projek waar leerlingskappe aangebied word. Lede van die gemeenskap wat hierdie programme suksesvol voltooi, word daarna permanent in diens geneem.

GFC bied beide interne sowel as eksterne opleiding aan personeel en verskaffers. Ongeveer R1,5 miljoen is aan opleiding spandeer, wat deur derde partye aangebied is en sluit die volgende in: Vurkhyserdrywers, brandbestryding, PME's ("Poultry Meat Examiners"), PMI's ("Poultry Meat Inspectors"), voedselveiligheid, Verbruikersbeskermingswet sowel as beroepsgesondheid en -veiligheid. GFC belê ook in tersiêre opleiding wat hoofsaaklik gerig is op bemarking, algemene bestuur, kommersiële reg en finansies. Interne opleiding vind deurlopend plaas en word ook na produsente uitgebrei in die vorm van advies en bystand deur die bedryfsbestuurder, die tegniese adviseur, die veearts en van tyd tot tyd ervare derde partye.

DJ Kriek
**Voorsitter: Sosiale en Etiekkomitee**

# OUDIT- EN RISIKOKOMITEEVERSLAG

Hierdie verslag inkorporeer die statutêre verantwoordelikhede van ouditkomitees, soos vervat in Artikel 94 van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008. Hierdie Komitee het as die Oudit- en Risikokomitee ("Komitee") opgetree vir entiteite binne die VKB Groep.

## SAMESTELLING

Die Komitee bestaan uit ten minste drie direkteure wat tydens die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers op aanbeveling van die Direksie aangestel word. Die Direksie kan ook van tyd tot tyd kundiges tot die Komitee koöpteer of as lede van die Komitee aanstel.

Gedurende die oorsigtydperk het die Komitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure (mnre. CF Fick – Voorsitter, ID Dreyer, LJ Eksteen en GJ Nel). Die Voorsitter van die Direksie, Besturende Direkteur: VKB Groep, Uitvoerende Direkteur: Finansies VKB Groep, Uitvoerende Hoof: Oudit, verteenwoordigers van die eksterne ouditeure en Interne Oudit, sowel as senior bestuurslede, woon ook die vergaderings van die Komitee by. Die Komitee het drie keer gedurende die oorsigtydperk vergader, waartydens die begrotings, risikobestuursplan en finansiële jaarstate, benewens ander aangeleenthede, oorweeg is.

Die interne en eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die Voorsitter van die Komitee en lewer deurlopend verslag aan die toepaslike strukture binne die Groep. Die Voorsitter en die eksterne ouditeure woon die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers by om enige vrae oor die besigheid se finansiële sake en jaarstate te beantwoord.

## MANDAAT EN VERANTWOORDELIKHEDE

Ten opsigte van sy mandaat het die Komitee die volgende pligte en verantwoordelikhede:

- Om te verseker dat die onderneming se finansiële beplanning, bestuur en rapportering korrek en effektief is, en in ooreenstemming is met toepaslike rekeningkundige beleide en internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde.
- Die finansiële state, die rekeningkundige praktyke, beleide en prosedures, asook die effektiwiteit van interne finansiële kontroles te oorweeg en te hersien.
- Aanbevelings oor die aanstelling van eksterne ouditeure te maak en hulle fooie te bepaal.
- Die onafhanklikheid en effektiwiteit van die eksterne ouditeure te oorweeg, enige nie-ouditwerk deur sodanige ouditeure te oorweeg en te bepaal of die lewering van sodanige dienste hul onafhanklikheid wesenlik sal beïnvloed.
- Die jaarlikse ouditplan en ouditbegroting te aanvaar.
- Die effektiwiteit van bestuursinligting, die jaarlikse oudit, die interne ouditprogram en interne kontrolestelsel te beoordeel.
- Te verseker dat die rolle van interne en eksterne oudit op gepaste wyse gedefinieer en geskei is.
- Nakoming van toepaslike wetgewing en regulatoriese aspekte te monitor.
- Evaluering van die geïntegreerde verslae en inligtingstegnologie-beheerraamwerk.
- Behoorlike openbaarmaking, kommunikasie met belanghebbendes en rapportering te verseker.
- Die Direksie behulpsaam te wees om te verseker dat die onderneming 'n effektiewe beleid en plan vir risikobestuur implementeer ten einde te help om sy strategiese doelstellings te bereik en ook te verseker dat die openbaarmaking rondom risiko's volledig, tydig en relevant is.
- Om deurgaans die solvabiliteit en likiditeit van die maatskappy en die Groep, met inagneming van alle redelik voorsienbare finansiële omstandighede, te oorweeg.

## VERSLAG

Die Komitee het alle pligte, soos hierbo uiteengesit, uitgevoer. Die Komitee is voorts tevrede dat die 2017-oudit wat deur die eksterne ouditeure uitgevoer is, onafhanklik was en stem saam met die ouditverslae wat ten opsigte van die Groep uitgereik is.

Voorts het die Komitee die geïntegreerde verslag oorweeg en is tevrede dat:

- Al die faktore en risiko's, wat moontlik 'n impak kan hê op die integriteit van die jaarverslag, in ag geneem is.
- Die finansiële state die posisie van die besigheid en die Groep korrek weergee.
- Die finansiële funksie sowel as die interne finansiële en ander kontroles voldoende is en effektief funksioneer.
- Die volhoubaarheidsaangeleenthede wat in hierdie verslag geopenbaar is, betroubaar is en nie in konflik met finansiële inligting is nie.
- Die rapportering van risikobestuur, soos ingesluit in hierdie verslag, tydig, volledig en relevant is.

CF Fick
**Voorsitter: Oudit- en Risikokomitee**

# DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEDE EN GOEDKEURING

Die Maatskappywet van Suid-Afrika, Wet No. 71 van 2008, bepaal dat die direkteure voldoende rekeningkundige rekords in stand moet hou en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die finansiële jaarstate en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit word. Dit is hulle verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële jaarstate ter voldoening aan die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ("IFRS") 'n redelike weergawe is van die stand van die Groep se sake aan die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede vir die tydperk wat op daardie tydstip geëindig het. Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig die IFRS opgestel en is gegrond op 'n toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is.

Die direkteure erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat deur die Groep ingestel is en plaas groot klem op die handhawing van streng beheer. Ten einde die direkteure in staat te stel om die vereiste verantwoordelikhede na te kom, stel die Direksie standaarde vir interne beheer wat daarop gerig is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verminder. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik omskrewe raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Die beheermaatreëls word deurgaans in die Groep gemonitor en alle werknemers moet die hoogste etiese standaarde handhaaf om te verseker dat die Groep se besigheid gedoen word op 'n wyse wat onder alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die Groep se risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die Groep. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, poog die Groep om dit tot 'n minimum te beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur, beheer en ander stelsels en etiese gedrag volgens voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas word.

Die direkteure is op grond van die inligting en verduidelikings deur Bestuur verskaf, van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat op die finansiële rekords gesteun kan word vir die opstel van die finansiële jaarstate. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute versekering nie, teen enige beduidende wanverklaring of verlies bied.

Die direkteure het die Groep se kontantvloeivoorspelling vir die jaar tot 31 Maart 2018 nagegaan en is in die lig daarvan en die huidige finansiële posisie oortuig dat die Groep toereikende middele het of toegang tot toereikende middele het om sy bedrywighede in die voorsienbare toekoms voort te sit.

Die verkorte finansiële jaarstate wat op bladsye 34 tot 40 uiteengesit word en volgens die lopende saak-beginsel opgestel is, is op 26 Julie 2017 deur die Direksie goedgekeur en namens hulle onderteken deur:

PG Carshagen
**Voorsitter**

CF Fick
**Ondervoorsitter**

Verklaring van verantwoordelikheid deur die Groep Maatskappysekretaris:

Ingevolge Artikel 88(2)(e) van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008, word gesertifiseer dat die maatskappy die voorgeskrewe opgawes en kennisgewings ingevolge die wet ingedien het, en dat sodanige opgawes en kennisgewings blyk juis, korrek en op datum te wees.

Adv. SC Erasmus (mev.)
**Groep Maatskappysekretaris**

# DIREKTEURE SE VERSLAG

Dit is vir die direkteure aangenaam om hul verslag oor die Groep se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2017 in te dien.

## 1. OORSIG VAN FINANSIËLE RESULTATE EN AKTIWITEITE

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is voorberei in ooreenstemming met IFRS en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, Wet No. 71 van 2008. Die rekeningkundige beleide was konsekwent toegepas in vergelyking met die vorige jaar, behalwe vir die vroeë toepassing van IFRS 9 in die 2016 finansiële jaar.

## 2. AANDELEKAPITAAL

| | Getal aandele | |
|---|---|---|
| **GEMAGTIG** | **2017 '000** | **2016 '000** |
| Gewone aandele | 100 000 | 25 000 |
| Klas 2-voorkeuraandele | 10 000 000 | 2 000 000 |
| Klas 3-voorkeuraandele | 1 000 000 | 500 000 |
| Klas 4-voorkeuraandele | 10 000 000 | 2 000 000 |

| | | | Getal aandele | |
|---|---|---|---|---|
| **UITGEREIK** | **2017 R'000** | **2016 R'000** | **2017 '000** | **2016 '000** |
| Gewone aandele | 20 585 | 19 550 | 4 117 | 3 910 |
| Klas 2-voorkeuraandele | 1 356 917 | 1 213 598 | 1 356 917 | 1 213 598 |
| Klas 3-voorkeuraandele | 281 045 | 286 549 | 281 045 | 286 549 |
| Klas 4-voorkeuraandele | 843 | - | 843 | - |
| Skuldbriewe | 5 410 | 5 152 | 5 410 | 5 152 |
| | **1 664 800** | **1 524 849** | **1 648 332** | **1 509 209** |

## 3. DIVIDENDE

Gegewe die huidige ekonomiese klimaat, glo die Direksie dat dit meer van pas sal wees om kontanthulpbronne te bewaar om te verseker dat die Groep enige ongunstige langtermyn ekonomiese toestande kan weerstaan. Geen dividende is dus vir die oorsigjaar verklaar nie.

## 4. DIREKTORAAT

Die direkteure in amp op die datum van hierdie verslag is soos volg:

| Nie-uitvoerend | Wyk | Veranderings |
|---|---|---|
| PG Carshagen - Voorsitter | Wyk 1 – Reitz | |
| CF Fick - Ondervoorsitter | Wyk 1 – Reitz | |
| PJF de Villiers | Wyk 2 – Bethlehem, Daniëlsrus, Kestell en Qwaqwa | Bedank 9 September 2016 |
| DP Viljoen | Wyk 2 – Bethlehem, Daniëlsrus, Kestell en Qwaqwa | Aangestel 9 September 2016 |
| ID Dreyer | Wyk 3 – Vrede, Memel en Ascent | |
| ID Bosman | Wyk 4 – Petrus Steyn, Heilbron, Senekal en Lindley | Aangestel 9 September 2016 |
| GF Bester | Wyk 4 – Petrus Steyn, Heilbron, Senekal en Lindley | Bedank 9 September 2016 |
| G Steyn | Wyk 5 – Warden, Harrismith, Bergville en Verkykerskop | |
| DJ Kriek | Wyk 6 – Frankfort en Tweeling | |
| MC de Klerk | Wyk 7 – Jim Fouché, Oranjeville en Windfield | |
| PJ Cronjé | Wyk 8 – Cornelia en Villiers | |
| PJ Jacobs | Wyk 15 – Limpopo | Afgetree 9 September 2016 |
| J van der Goot | Wyk 15 – Limpopo | |
| JH du Preez | Wyk 15 – Limpopo | |
| LJ Eksteen | Wyk 15 – Limpopo | |
| GJ Nel | Onafhanklik | Aangestel 9 September 2016 |
| JCP Bekker | Onafhanklik | Afgetree 30 September 2016 |

| Uitvoerend | |
|---|---|
| JF Janse van Rensburg | Besturende Direkteur: VKB Groep |
| MJ Mittermaier | Uitvoerende Direkteur: Finansies VKB Groep |

## 5. GEBEURE NA VERSLAGDOENINGSDATUM

Die Direksie is nie bewus van enige wesenlike gebeure na die verslagdoeningsdatum nie.

## 6. LOPENDE SAAK

Die direkteure glo dat die Groep oor voldoende finansieringsbronne beskik om met besigheid voort te gaan in die afsienbare toekoms. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is dus volgens die lopende saak-beginsel opgestel. Die direkteure is nie bewus van enige wesenlike veranderings wat die Groep negatief sal beïnvloed nie. Die direkteure is ook nie bewus van enige nienakoming van enige statutêre of regulatoriese vereistes, of enige hangende litigasie wat die Groep moontlik kan beïnvloed nie.

## 7. OUDITEURE

Enslins Bethlehem Ingelyf het voortgegaan in amp as eksterne ouditeure vir die maatskappy en sy filiale vir 2017. Kwotasies is aangevra vir die 2018-oudit.

## 8. SEKRETARIS

Die Groep Maatskappysekretaris is adv. SC Erasmus.

| | |
|---|---|
| **Posadres:** | Posbus 100<br>REITZ<br>9810 |
| **Fisiese adres:** | President CR Swartstraat 31<br>REITZ<br>9810 |

## 9. VERKORTE FINANSIËLE JAARSTATE

Die verkorte finansiële jaarstate is opgestel deur mnr. M Julyan AGA(SA). Die volledige finansiële jaarstate is beskikbaar op aanvraag by die Groep Maatskappysekretaris. Die inligting in hierdie verslag is nie aan 'n onafhanklike oudit of oorsig onderwerp nie.



# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

## SOOS OP 31 MAART 2017

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2017 R'000** | **2016 R'000** | **2017 R'000** | **2016 R'000** |
| **BATES** | | | | |
| *Niebedryfsbates* | | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 1 278 841 | 1 117 496 | - | 185 296 |
| Beleggingseiendom | - | - | 272 437 | - |
| Klandisiewaarde | 117 178 | 81 511 | - | - |
| Ontasbare bates | 6 995 | 6 244 | - | - |
| Beleggings in filiale | - | - | 1 557 457 | 494 877 |
| Beleggings in gesamentlike ondernemings | 26 935 | 32 161 | - | - |
| Beleggings in geassosieerdes | 2 900 | 3 225 | - | - |
| Lenings aan groepmaatskappye | - | 2 973 | - | - |
| Ander finansiële bates | 121 543 | 20 396 | - | - |
| Huurkope ontvangbaar | 61 912 | 120 067 | - | - |
| Uitgestelde belasting | 294 587 | 197 370 | - | 1 634 |
| | **1 910 891** | **1 581 443** | **1 829 894** | **681 807** |
| *Bedryfsbates* | | | | |
| Voorraad | 1 193 863 | 1 348 401 | - | - |
| Lenings aan groepmaatskappye | 3 596 | 36 | - | - |
| Lenings aan aandeelhouers | 109 | - | - | - |
| Handels- en ander debiteure | 2 969 415 | 2 670 751 | 4 195 | 4 |
| Ander finansiële bates | 5 214 | 492 | - | - |
| Huurkope ontvangbaar | 43 484 | 51 038 | - | - |
| Inkomstebelasting ontvangbaar | 6 213 | 4 505 | - | 467 |
| Kontant en kontantekwivalente | 150 578 | 185 544 | 5 | - |
| | **4 372 472** | **4 260 767** | **4 200** | **471** |
| Bates van vervreemdingsgroep | - | - | - | **4 207 905** |
| ***Totale bates*** | **6 283 363** | **5 842 210** | **1 834 094** | **4 890 183** |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | | |
| **EKWITEIT** | | | | |
| Aandelekapitaal | 1 664 800 | 1 524 849 | 1 664 800 | 1 524 849 |
| Reserwes | (57 667) | 71 722 | - | - |
| Behoue inkomste | 269 584 | 299 329 | 125 357 | 120 693 |
| *Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die houermaatskappy* | 1 876 717 | 1 895 900 | 1 790 157 | 1 645 542 |
| Niebeherende belang | 67 601 | 91 752 | - | - |
| | **1 944 318** | **1 987 652** | **1 790 157** | **1 645 542** |

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2017<br>R'000 | 2016<br>R'000 | 2017<br>R'000 | 2016<br>R'000 |
| **LASTE** | | | | |
| *Niebedryfslaste* | | | | |
| Lenings van onafhanklike aandeelhouers | 16 814 | 49 329 | - | - |
| Ander finansiële laste | 341 276 | 86 992 | - | - |
| Huurkoopverpligtinge | 29 948 | 37 750 | - | - |
| Na-aftredeverpligting | 91 951 | 98 430 | - | - |
| Uitgestelde belasting | 165 425 | 113 875 | 498 | - |
| | **645 414** | **386 376** | **498** | **-** |
| *Bedryfslaste* | | | | |
| Handels- en ander krediteure | 586 454 | 606 328 | 453 | 4 |
| Lenings van groepmaatskappye | - | - | 42 852 | - |
| Ander finansiële laste | 530 761 | 688 665 | - | - |
| Huurkoopverpligtinge | 23 142 | 21 087 | - | - |
| Inkomstebelasting betaalbaar | 3 491 | 7 | 134 | - |
| Oortrokke bank | 2 549 783 | 2 152 095 | - | 1 845 976 |
| | **3 693 631** | **3 468 182** | **43 439** | **1 845 980** |
| Laste van vervreemdingsgroep | - | - | - | 1 398 661 |
| ***Totale laste*** | **4 339 045** | **3 854 558** | **43 937** | **3 244 641** |
| ***Totale ekwiteit en laste*** | **6 283 363** | **5 842 210** | **1 834 094** | **4 890 183** |



# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2017 R'000** | **2016 R'000** | **2017 R'000** | **2016 R'000** |
| **Voortgesette bedrywighede** | | | | |
| Omset | 10 957 365 | 9 488 406 | 91 032 | - |
| Koste van verkope | (9 785 209) | (8 518 262) | - | - |
| **Bruto wins** | **1 172 156** | **970 144** | **91 032** | **-** |
| **Aansporingskorting** | **215 000** | **200 000** | **-** | **-** |
| **Bruto wins voor aansporingskorting** | **1 387 156** | **1 170 144** | **91 032** | **-** |
| Ander bedryfsinkomste | 102 167 | 42 797 | 74 | - |
| Ander bedryfswins/(verlies) | 100 | 7 743 | - | - |
| Ander bedryfsuitgawes | (1 124 365) | (731 417) | (73 938) | (4 377) |
| **Bedryfswins/(verlies)** | **365 058** | **489 267** | **17 168** | **(4 377)** |
| Beleggingsinkomste | 9 360 | 11 152 | 11 | - |
| Finansieringskoste | (240 758) | (168 032) | (2 228) | - |
| Inkomste/(uitgawe) uit ekwiteitsverantwoorde beleggings | (1 440) | 13 673 | - | - |
| Ander niebedryfswins/(verlies) | (66) | - | - | - |
| **Wins voor aansporingskorting** | **132 154** | **346 060** | **14 951** | **(4 377)** |
| Aansporingskorting | (215 000) | (200 000) | - | - |
| **(Verlies)/wins voor belasting** | **(82 846)** | **146 060** | **14 951** | **(4 377)** |
| Inkomstebelasting | 44 343 | 3 640 | (4 166) | (11 616) |
| **(Verlies)/wins uit voortgesette bedrywighede** | **(38 503)** | **149 700** | **10 785** | **(15 993)** |
| (Verlies)/wins uit beëindigde bedrywighede | - | - | - | 69 713 |
| **(Verlies)/wins vir die jaar** | **(38 503)** | **149 700** | **10 785** | **53 720** |
| **Ander omvattende inkomste:** | | | | |
| *Items wat nie as wins of verlies herklassifiseer sal word nie:* | | | | |
| Hermeting van na-aftredeverpligting las/bate | 2 440 | - | - | - |
| Verlies op herwaardasie van eiendom | (9 645) | (297) | - | - |
| Inkomstebelasting wat verband hou met items wat nie herklassifiseer sal word nie | 1 921 | - | - | - |
| ***Totale items wat nie as wins of verlies herklassifiseer sal word nie*** | **(5 284)** | **(297)** | **-** | **-** |
| *Items wat moontlik na wins en verlies herklassifiseer kan word:* | | | | |
| Effek van kontantvloeiskanse | (78 194) | 44 826 | - | - |
| Inkomstebelasting wat verband hou met items wat moontlik herklassifiseer kan word | (1 484) | - | - | - |
| ***Totale items wat moontlik na wins en verlies herklassifiseer kan word*** | **(79 678)** | **44 826** | **-** | **-** |
| **Ander omvattende inkomste vir die jaar netto van inkomstebelasting** | **(84 962)** | **44 529** | **-** | **-** |
| **Totale omvattende (verlies)/wins vir die jaar** | **(123 465)** | **194 229** | **10 785** | **53 720** |

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2017 R'000** | **2016 R'000** | **2017 R'000** | **2016 R'000** |
| **(Verlies)/wins toeskryfbaar aan:** | | | | |
| *Eienaars van die houermaatskappy* | | | | |
| Uit voortgesette bedrywighede | (34 926) | 139 452 | 10 785 | (15 993) |
| Uit beëindigde bedrywighede | - | - | - | 69 713 |
| | **(34 926)** | **139 452** | **10 785** | **53 720** |
| *Niebeherende belang* | | | | |
| Uit voortgesette bedrywighede | (3 577) | 10 248 | - | - |
| ***Totale omvattende (verlies)/inkomste toeskryfbaar aan:*** | | | | |
| Eienaars van die houermaatskappy | (119 888) | 183 981 | 10 785 | 53 720 |
| Niebeherende belang | (3 577) | 10 248 | - | - |
| | **(123 465)** | **194 229** | **10 785** | **53 720** |



# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2017 R'000** | **2016 R'000** | **2017 R'000** | **2016 R'000** |
| **KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE** | | | | |
| *Kontant (aangewend in)/gegenereer deur bedrywighede* | 72 471 | (617 310) | 2 994 379 | (397 948) |
| Rente-inkomste | 9 359 | 8 849 | 11 | 34 255 |
| Dividendinkomste | 1 | 2 303 | - | 31 626 |
| Finansieringskoste | (240 758) | (167 502) | (2 228) | (135 119) |
| Belasting betaal | (17 326) | (9 954) | (3 746) | (1 494) |
| ***Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite*** | **(176 253)** | **(783 614)** | **2 988 416** | **(468 680)** |
| **KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE** | | | | |
| Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting | (227 858) | (307 202) | - | (88 866) |
| Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | 3 581 | 79 333 | - | 74 315 |
| Verkryging van beleggingseiendom | - | - | (69 587) | - |
| Verkoop van beleggingseiendom | 33 | - | 33 | - |
| Verkryging van ander ontasbare bates | (751) | (3 318) | - | (3 318) |
| Huurkoopontvangste | 65 709 | - | - | - |
| Lenings toegestaan aan groepmaatskappye | (587) | (2 844) | - | - |
| Ontvangste uit lenings van groepmaatskappye | - | - | 42 852 | 78 599 |
| Verkoop van finansiële bates | (105 869) | (7 486) | - | (8 194) |
| Klandisiewaarde betaal | (1 000) | - | - | - |
| Verkoop van ander bates | (66) | - | - | - |
| (Toename)/afname in beleggings in filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings | 5 551 | (9 175) | (1 062 580) | (229 096) |
| ***Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite*** | **(261 257)** | **(250 692)** | **(1 089 282)** | **(208 186)** |
| **KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | | | | |
| Opbrengs op aandele-uitgifte | 1 035 | 895 | 1 035 | 895 |
| Opbrengs op voorkeuraandeel-uitgifte | 843 | - | 843 | - |
| Aflos van skuldbriewe/aflosbare voorkeuraandele | (55 031) | (29 296) | (55 031) | (29 296) |
| Beweging in ander finansiële aanspreeklikhede | 96 380 | 308 268 | - | (61 857) |
| Opbrengs op aandeelhouerslening | - | 15 849 | - | - |
| Terugbetaling van aandeelhouerslening | (32 624) | - | - | - |
| Huurkoopbetalings | (5 747) | (9 596) | - | (3 506) |
| Dividende betaal | - | (30 000) | - | (30 000) |
| ***Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite*** | **4 856** | **256 120** | **(53 153)** | **(123 764)** |
| ***Totale kontantbeweging vir die jaar*** | **(432 654)** | **(778 186)** | **1 845 981** | **(800 630)** |
| Saldo aan die begin van die jaar | (1 966 551) | (1 188 365) | (1 845 976) | (1 045 346) |
| ***Totale kontant aan die einde van die jaar*** | **(2 399 205)** | **(1 966 551)** | **5** | **(1 845 976)** |

# KORPORATIEWE INLIGTING

## VKB BELEGGINGS (EDMS.) BPK.

**GEREGISTREERDE ADRES**
President CR Swartstraat 31
REITZ
9810

**POSADRES**
Posbus 100
REITZ
9810

**KONTAKNOMMERS**
Telefoon: 058 863 8111
Faks: 058 863 8527

**WEBWERF**
www.vkb.co.za

**BANKIERS**
Standard Bank
Absa Bank

**OUDITEURE**
Enslins Bethlehem Ingelyf
Posbus 357
BETHLEHEM
9700

